

# KERKBODE

Vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense

15 Mei 2020

www.kerkbode.co.za • facebook.com/kerkbode

Grendeltyd-uitgawe

## Vlak 4 'bied geen uitkoms vir gemeentes nie'

**D**ie nasionale inperking het op 1 Mei 2020 van Vlak 5 na Vlak 4 verander. Met die magdom inligting uit gepubliseerde regulasies, nuusberigte en sosiale media tot almal se beskikking, is sommige gemeentes verward oor die implikasies van Vlak 4 vir kerkkantore. Die saakgelastigde van die Wes-Kaapse sinode Bossie Minnaar\* deel die volgende riglyne ter verduideliking.

### Kerkkantore bly steeds gesluit

Vlak 4 gee beslis nog nie aan gemeentes die reg om na normaal ("business as usual") terug te keer nie. Eredienste en kerklike byeenkomste is steeds verbode (Klousule 23 van die *Staatskoerant* 43258). Begrafnisse word steeds beperk tot 'n maksimum van 50 persone. Spesiale magtiging is steeds nodig om die grense van distrikte vir begrafnisse oor te steek. Die *Staatskoerant* gee ook voorbeelde van die verskillende permitte en beëdigde verklarings. Vlak 4 het feitlik geen uitkoms vir gemeentes gebring nie.

### Noodsaaklike dienste

Vlak 4 (*Staatskoerant* 43258) gee wel **beperkte ruimte** vir enkele noodsaaklike dienste wat in die kerkkantoor gedoen mag word. Dit is uiters noodsaaklik om te verstaan dat die kerkkantoor nie soos gebruiklik met vaste kantoorure kan oopmaak nie.

### Spesiale permitte

Die werkgewer (gewoonlik die voorsitter van die kerkraad) kan wel aan die skriba 'n permit gee om byvoorbeeld die nodige administrasie in die kerkkantoor te gaan doen ten einde te verseker dat die werkgewer (die gemeente) se werknemers hulle salaris kan ontvang.

**Let wel:** Die werkgewer (in 'n gemeente se geval, die voorsitter van die kerkraad) moet die permit aan die werknemer uitreik. Die sinode kan nie 'n permit aan 'n gemeente se skriba gee nie – ook nie die munisipale bestuur of die SAPD se bevelvoerder nie!

### Hulpverleningsprojekte

Gemeentes is ook betrokke met hulpverleningsprojekte. Die werkgewer

(voorsitter van die kerkraad) kan 'n permit aan werkers gee wat direk met die hulpverleningsprojek betrokke is.

Alhoewel die spesifieke regulasie maatskaplike werkers en beraders insluit, kan die werkgewer uiteraard nie aan enige persoon 'n permit uitreik om maatskaplike werk te doen nie. 'n Maatskaplike werker moet geregistreer wees by die SACSSP en in diens wees van 'n geregistreerde welsynsorganisasie. Hierdie organisasie sal aan die maatskaplike

werker die permit gee. Dieselfde geld vir beraders.

### Kontak plaaslike owerhede

Die rampbestuurseenhede van metropole en distriksmunisipaliteite het elkeen 'n eie siening oor sake. Die afgelope dae se sage oor wie kos mag versprei, spreek vanself. Dit is dus nie moontlik om vanuit 'n sinodale kantoor oor alle bedieningsaspekte klinkklare antwoorde te gee nie. Die plaaslike munisipale rampbestuurs-

eenheid en die plaaslike polisiehoof is die gemeente se vriende. Benader hulle vriendelik, bid vir hulle en vra julle vrae en maak seker dat wat die gemeente doen in lyn met grendelregulasies is.

\* Inligting is saamgestel deur die Sinode van Wes-Kaapland se Covid-19 projekspan en gepubliseer deur die Kaapkerkkommunikasiespan.

● Hierdie inligting was akkuraat op 5 Mei 2020, maar ons weet dinge verander vinnig en konstant.



## Stilte voor die afsondering

Die vryskutjoernalis Elsabé Pienaar het dié foto van haar dogter Hanneke voor die kruis op die koppie langs die Richmondpad naby Middelburg in die Oos-Kaap die Maandagoggend voor die nasionale inperking geneem. Sy vertel dat die kruis die oggend met sonsopkoms vir haar 'n teken van hoop was te midde van die vrees en onsekerheid wat rondom Covid-19 bestaan. Pienaar sê dat as Jesus die dood kon oorwin, is Hy ook groter as enige pandemie, én groter as die hongersnood en ekonomiese rampspoed wat saam met inperking gekom het.



# 50% afslag op aflaaibare PDF's van ons topverkopers

## Jong teoloë praat saam ...

In hierdie boek tree jong teoloë vanuit die rykdom van die Christelike tradisie met hedendaagse geloofs- en lewensvrae in gesprek.



nou  
slegs  
**R80**




nou  
slegs  
**R60**

## Wat doen ons wanneer ons bid?


Kan ons die doeltreffendheid van gebed eksperimenteel of statisties bewys, en indien nie, waarom nie? Die skrywer ontleed die dinge wat ons doen wanneer ons bid.

## Nog aflaaibare PDF's teen 50% afslag!



nou  
**R70**

**Dancing with Deity**  
This publication explores the role of art in religious experience, especially in reformed liturgy. The author subscribes to the view that aesthetics in theology is important.



nou  
**R30**

**Theology and economics**  
Notwithstanding the great historical differences between the 16th and 21st century the theology of Calvin turns out to be of surprising relevance today. The context of Calvin's theology is compared to the present one, thus finding the common denominator of both worlds needed for demonstrating Calvin's relevance today.



nou  
**R25**

**Mosaïek van mense**  
Van Barth tot Buti, van Boshoff tot Mandela – só uiteenlopend is die groot geeste wat Nico Smith se pad oor ses dekades vanaf Afrika tot in Europa en terug gekruis het. Dié mosaïek van mense het Smith se denke en lewe radikaal verander.





# Skietongeluk: Jan Woest oorlede

Dr Jan Woest (regs), 'n bekende in NG Kerkkringe, is ná 'n skietongeluk op sy plaas in Namibië oorlede.

Die ongeluk het Maandag (27 April) omstreeks 15:30 gebeur toe Woest glo sy geweer ('n 30.06) in sy voertuig wou sit. 'n Skoot het afgegaan en die koeël het van agter deur sy bekken gegaan, volgens ds Thijs van der Merwe, algemene sekretaris van die NG Kerk in Namibië.

Woest is na die Katolieke hospitaal in Windhoek gehaas. Sy toestand was Dinsdag, 28 April, nog kritiek. Van der Merwe het Woensdag, 29 April, per e-pos laat weet dat Woest oorlede is: "Dis met hartseer dat ek skryf: 'n Groot boom het geval. Ons dank die Here wat ons as NG Kerk en as mense deur Jan se gewes geseën het. Mag die Here sy nagedagtenis eer," het Van der Merwe geskryf.

Woest was lank predikant in sinodale diens in Namibië vir die Renovaré-proses en het ook op algemene sinodale vlak enorme bydrae gelewer, aldus Van der Merwe.

"Jan het 'n navolgenswaardige voorbeeld gestel in sy hantering van terug-



slae – soos met die droogte wat hom laat klippe kou het op sy plaas. Sy antwoord was om meer tyd in stilte met die Here deur te bring en hy het 'n sterker gelowige aan die ander kant uitgekome. Sy ideaal om 'n retraitesentrum op die plaas te vestig sal nou nooit vergestalt word nie," het ds Thijs van der Merwe van die Namibiese sinode na Woest se afsterwe gesê.

Daarom uiters gepas dat dié "diep gelowige mens" op die vraag hoe dit gaan glo altyd geantwoord het: "Deur die genade vorentoe!"

Woest, "'n nederige, innemende en eerbare mens" was 'n gebore Namibiër wat in 'n spoorweghuis grootgeword het, aldus Van der Merwe. Hy het op Keetmanshoop gematrikuleer en aan die Universiteit Stellenbosch (US) gestudeer. Tydens sy studentejare het hy op die spoorweë gewerk om sy studies te help befonds.

Verder, vertel Van der Merwe, is Woest in 1988 in die NG gemeente Bothasig in die Wes-Kaap georden waarna hy 'n beroep terug na sy geboorteland aanvaar het.

Vanaf 1993 tot 2004 bedien hy die Leonard-gemeente en word daarna as predikant in sinodale diens: gemeente- en bedieningsvernuwing (Renovaré) deur die NG Kerk Namibië aangestel. Hy het die pos vir 15 jaar beklee.

Volgens Van der Merwe het Woest insig in die uitdagings van die gemeentes en predikante gehad. "Hy kon met fyn aanvoeling peil hoe dit gaan in die verhoudings tussen gemeente en leraar en sy toetreding het dikwels situasies wat kompleks was goed laat ontknop," vertel Van der Merwe.

Behalwe sy vrou Nicolene laat hy sy seuns Pieter-Jan, Fredrich en Nico agter.



## Geweld: Sommige is juis onveilig agter slot en grendel

"Ons maatskaplike werkers is buitengewoon besig sedert die begin van die grendeltyd," sê Henda van der Merwe, direkteur van die Christelik-Maatskaplike Raad (CMR) Gauteng-Oos.

"Ek is oortuig dat die gevolge hiervan nog maande lank met ons sal wees."

Hoewel baie soorte misdade afgeneem het tydens die hewige inperkings wat met die bekamping van Covid-19 gepaard gaan, is dit moeilik om vas te stel hoeveel vroue of mans in hierdie tyd fisiek, emosioneel of seksueel deur hulle gades mishandel word, meen Van der Merwe.

Om in die huis te moet bly, lei boonop tot verhoogde stres, angst, depressie, en vir sommiges ook 'n hernuwing van simptome gekoppel aan post-traumatiese stres (PTS).

"'n Huweliks- of verhoudingsmaat wat gewelddadig is, sal heel moontlik in die afgelope paar weke erger geword het. Ons moet nie vergeet dat mans ook aan die ontvangkant van geweld kan wees nie, maar in ons land is dit meer gereeld vroue wat slagoffers van geweld is.

Van der Merwe se pleidooi is: "Indien jy weet van iemand wat mishandel word, is die regte ding om te doen, om dit by die SAPD aan te meld en hulp van 'n betroubare gemeenskapsdiens (soos die CMR) te kry. Gratis regsadvies kan van "The Warrior Project" verkry word (besoek [www.thewarriorproject.org.za](http://www.thewarriorproject.org.za))."

– Ilse Ferreira

## Skype: Pret met agtergrond-'etiket'

Lyk jy soos 'n gyselaar iewers in 'n kelder. Of is jou kamer so deurmekaar soos dié van 'n nukkerige tiener? Met dié dat soveel mense tans noodgedwonge van sagteware soos Skype of Zoom gebruik maak om vergaderings te hou en gesprekke vanuit grendelstaat te voer, was dit seker onafwendbaar dat iemand genoeg op die agtergrond van videobeeldsendings sal fokus dat daar 'n ganse estetiese graderingstelsel daarvoor ontwikkel sou word. Die skepper van die Room Rater-rekening op Twitter hou dinge eenvoudig: "We rate Skype rooms and Zoom rooms, too". Die foto's hierby is 'n paar voorbeelde van die goed waarop @ratemyskyperoom meen 'n mens moet let en watter slaggate jy liefies moet vermy wanneer jy jouself voor die lens tuismaak en die kamera begin rol.





# Só maak Malawi met maatreëls

CONETTE LE ROUX

**Hoe lyk die Covid-19-situasie in ander Afrika-lande? Ds Willem-Henri den Hartog van die Protestantse Kerk Nederland en streekskoördineerder in Suider-Afrika van die Gereformeerde Zendingsbond (GZB) beantwoord die volgende paar vrae vanuit Malawi.**

**Watter rol speel die kerke tans in Malawi in die Koronastryd?**

Dit is opvallend dat die Katolieke Kerk in Malawi die voortou geneem het deur middel van alle vorme van higiëne-maatreëls, soos handwasstasies, in die middel van Maart in kerkgeboue in Malawi in te stel. Miskien is dit geïnspireer deur die hoofkwartier in Rome. Sulke eenvoudige higiëneraëls kan 'n groot verskil in Afrika maak in die bekamping van klassieke siektes, soos cholera. Dit is interessant om te sien dat die kerke, naas die sakegemeenskap, ook die belangrikste dryfkragte is vir die implementering van hierdie maatreëls.

Vennote in die sending soos Chiyembekezo in die Igreja Reformada in Mosambiek, gaan na die verre binneland van die land om inligting oor beskerming en higiëne in afgeleë dorpe te gee.

Ander manier waarop kerke 'n verskil maak, is deur sogenaamde sending-hospitale. Die meeste van die tyd is

hospitale wat deur die kerk bestuur word, beter georganiseer as staatshospitale. Die Nkhoma-hospitaal van die CCAP Kerk in Malawi-sentraal (susterskerk van die NG Kerk) het byvoorbeeld betyds begin om beskermende toerusting vir die hospitaal en die gesondheidsentrums in die streek aan te koop. Die hospitaal ondersteun 11 van hierdie gesondheidsentrums in die streek met beskermende materiale soos seep, gesigmaskers en handskoene. 'n Tent is ook by die ingang van die hospitaal aangebring, waar inkomende pasiënte allerhande toetse ondergaan voordat hulle in die hoofhospitaalgebou ingaan. Boonop is die nodige suurstofvoorrade geïnstalleer.

Kerke in Suid-Afrika en Namibië help deur voedselbanke in te stel of deur "kospakkies" uit te deel.

**Hoe lyk kerk tans by julle?**

Verskillende kerke gebruik moderne middele tydens die krisis. Die ryker kerke het oorgeskakel na aanlynvieringe, die lidmate lewer hulle offerandes via internetbankdienste en doen Bybelstudies via Zoom. 'n Ander vennoot (Timothy Leadership Training) in Malawi versprei 'n Bybelstudie op sosiale media onder die tema "Wees lief vir jou naaste in die korona-pandemie". Dit is dikwels moeiliker vir die armes om kerk op 'n afstand te hou. Hulle het nie die middele om 'n aanlyn-gemeenskap van heiliges uit te leef nie. Die koronakrisis het ook

'n groot impak op die voortbestaan van die minder geëde laag van die bevolking. In verskeie lande in Suider-Afrika is daar grendeltyd. Hoe moet mense wat afhanklik is van die informele ekonomie nog geld verdien? Hulle werk vandag om vanaand brood op die tafel te hê. As hulle nie vandag mag werk nie, sal hulle vanaand nie kos hê nie.

**Waarom hou mense vas tydens die krisis?**

"Vraag-en-antwoord 1 van die Heidelbergse Kategismus kry 'n nuwe betekenis," het 'n Suid-Afrikaanse kollega vir my gesê. En selfs toe ons 'n kerkdienst bygewoon het, het 'n Malawiese pastoor hierdie ou woorde gebruik: "Vraag 1: Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe? Antwoord: Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe nie aan myself nie, maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus behoort. Hy het met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos. Hy bewaar my op so 'n wyse dat sonder die wil van my hemelse Vader, geen haar van my kop kan val nie. Alles moet inderdaad tot my saligheid dien. Daarom verseker Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak Hy my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe". Dit is opvallend dat mense in krisistye, ook hier in Afrika, teruggaan na hierdie antieke troosboek.



Die handwasstasies wat in Katolieke kerke in Malawi gebruik word.

Foto: Willem-Henri den Hartog

**Daar is egter vals boodskappe wat jou bekommer?**

'n Regeringsamptenaar in Malawi het onlangs gesê: "Ons moet in sak en as sit en na God bekeer, anders sal ons almal sterf." Ons is dankbaar dat hy in die openbaar tot bekering oproep, maar wanneer hy dit op hierdie manier doen, raak mense panikerig.

## Kos vir vele: 'Ons dien 'n God van wonderwerke'

JACOBIE M HELENA

"God doen wonderwerke in Brakpan. Ons het reeds meer as R165 000 se kos uitgedeel."

Só beskryf ds Hennie Pienaar van NG Dalpark in Brakpan aan *Kerkbode* hoe hulle in die grendeltyd reeds 2 655 mense in een week van kos voorsien het. Daardie getal het intussen gegroei namate hierdie gemeente – nes vele an-

der regoor die land wat nie in hierdie berig genoem word nie – doen wat hulle kan om nood te verlig.

Pienaar vertel: "Daar is 'n armoedekultuur (in sy omgewing). Die mense is baie behoeftig. Maar in grendeltyd is die gebrek aan kos net soveel meer oordadigend."

"Net soos Jesus die broodjies en visies in die Johannes-evangelie vermeerder het, vermeerder God die kos wat

ons in Brakpan kan uitdeel," sê Pienaar oor die ongeveer 100 gesinne wat hulle die afgelope drie weke kon help. Ds Nico Grobbelaar, leraar by NG gemeente Brakpan wat ook deel van die projek is, sê daar word elke tweede dag kos afgelewer. Hy verduidelik dat hulle die een dag kos aankoop, dit sorteer en die kos in kleiner pakkies verpak. Die volgende dag word die kospakkies na behoeftiges in die gemeenskap versprei. "Die mense is só desperaat vir kos," vertel Grobbelaar. *Kerkbode* het van hierdie projek te hore gekom en navraag gedoen om meer uit te vind en dit hier met ander lesers te deel.

Grobbelaar sê dit het aanvanklik soos 'n onbegonne taak geklink om weekliks die nodige R55 000 vir kos in te samel. "Ek het vir Hennie gevra waar ons genoeg geld en kos ingesamel gaan kry? Hennie het net geantwoord: 'Ons dien 'n God van wonderwerke.' En só het ons nog elke week meer as genoeg skenkings ontvang."



Gemeentedele verpak elke tweede dag in grendeltyd kos wat in die behoeftige gemeenskap van Brakpan uitgedeel word. Die afgelope drie weke is 2 655 mense, waarvan 825 kinders is, van kos voorsien, het die gemeentelid op 24 April by navraag aan *Kerkbode* vertel.

Foto: Verskaf

Lesers reageer op [kerkbode.co.za](http://kerkbode.co.za):

**Muller Oosthuizen**

Ek vertrou dis met goedkeuring van die owerhede en werklik genoegsame sanitasie (sien foto!)? Geen kerk mag die oorsaak wees van oordraagbaarheid nie.

**Hennie Pienaar**

Die opmerking is inderdaad baie waar. Ons kan nie aandeel hê in die verspreiding van die virus nie. Ek kan bevestig dat die projek geskied met die medewete van die plaaslike regering en raadslede en dat die verpakking en aflewering wettig geskied met die nodige permitte. Wat die veiligheid betref skerp ons dit op na die beste van ons vermoë. Daar is egter geen wyse waarop ons kan waarborg dat geen persoon vanuit ons gesamentlike kosprojek geïnfecteer sal word nie. Dit is 'n projek uit nood gebore en waar ons 'n ongekende front van samewerking beleef.



Intekenaars met navrae:  
Stuur 'n e-pos na  
Viona@tydskrifte.co.za  
Jeanne@tydskrifte.co.za



Besoek  
Kerkbode.co.za

Blaai deur die  
e-koerant

Kerkbode  
Tydens  
#Covid\_19

Stuur 'n lys van alle  
selfoonnummers waarna jy die  
WhatsApp-uitgawe gestuur wil hê,  
na kerkbode@tydskrifte.co.za

Ontvang  
WhatsApp

Ontvang  
e-Koerant  
per e-pos

Teken in op Kerkbode se nuusbrief  
links onderaan die tuisblad by [www.kerkbode.co.za](http://www.kerkbode.co.za)



## Intekenaars: Jongste inligting oor Kerkbode

### Geagte Kerkbode-intekenaar

Dis onsekere tye en ons wil nie voorgee dat ons om die volgende draai in die pad kan sien nie. As redaksie wil ons fokus op die goed waaroor ons beheer het. Dit is:

- Om Kerkbode-stories in hierdie tyd so vindbaar moontlik te maak, wat noodwendig beteken om selfs meer digitaal-gerig te wees as in die onlangse verlede.
- Om na terugvoer van intekenaars te luister.

Een van Kerkbode se unieke uitdagings is dat erediens by kerkgeboue in die meeste gevalle die belangrikste verspreidingspunt van nuus in die gedrukte formaat is. Vir ons om nou gewoon die volle koerantoplaag te laat druk en by gemeentes af te lewer, plaas 'n onredelike druk op julle om 'n manier rondom die verbod op samekomste te vind.

### Beste alternatiewe

Ons werk onverpoosd aan die skryf van stories en die digitale publiserings van nuus, opinies en lesersbydraes. Daar is vier opsies om Kerkbode-inhoud in die hande te kry. Twee van daardie opsies is nuut en ons wil julle aandag graag daarop vestig.

1. Kerkbode se digitale platform. Dit is waar die meeste mense ons stories lees.

Besoek gereeld [www.kerkbode.co.za](http://www.kerkbode.co.za) of gaan "like" ons Facebookbladsy indien jy verkies om via sosiale media jou nuus te ontvang:

2. Die Kerkbode-app is vir Apple- en Android-fone beskikbaar.


3. Die e-Kerkbode ... Hy lyk soos 'n koerant en hy blaai soos 'n koerant, maar jy kan nie jou braairooster met hom skoonmaak nie.

4. Ons weet hoe lief Suid-Afrikaners vir WhatsApp is en dat vele verkies om ook nuus sommer daarlangs te lees. So ons het die twee mees onlangse e-koerantuitgawes verpak in 'n formaat wat via hierdie platform gestuur kan word. Die pdf is 5 MB groot, met ander woorde 'n bietjie groter as foto's, maar 'n bietjie kleiner as video indien jy bedag is op data-implikasies vir die gebruiker / ontvanger.

### Kortom

Ons wil jou help om Kerkbode-inhoud in die mees gerieflike en praktiese formaat te kan lees en versprei in jou gemeente sodat lesers wat nie die papierkoerant kan kom optel nie, nie uitmis op nuus, ontleding en die gewilde vakatures-afdeling nie.

● Intekenaars met navrae kan gerus 'n e-pos stuur aan Viona Ross of Jeanne van Niekerk by [viona@tydskrifte.co.za](mailto:viona@tydskrifte.co.za) of [jeanne@tydskrifte.co.za](mailto:jeanne@tydskrifte.co.za)



Só lyk die drie jongste uitgawes van Kerkbode se e-koerant wat noodgedwonge in grensdelyd verskyn.

## Anandie Greyling

### OP DIE KERKSTOEP



# Virtueel trou is nie perdekoop nie

Ek wil nie die troukar omgooi nie, maar hoe fasiliteer ons huweliks- seremonies in 'n grensdelyd met inperkinge? Verskeie paartjies het in 'n rekordtyd 'n seremonie gereël voor die inperkings geïmplementeer is, terwyl ander bruidspare die fases van inperking om bid. Paartjies en huweliksbevestigings regoor die wêreld het kreatief op hierdie uitdaging gereageer: 'n Huweliksbevestiging in Italië het onder in die straat gestaan en 'n paartjie op 'n balkon in die huwelik bevestig. 'n Ander huweliksbevestiging van die Verenigde State het weer vanuit sy venster op die derde verdieping uitgehang en 'n paartjie getrou. In lande waar beweging meer beperkend is, is daar paartjies wat trou aan mekaar via sosiale media belof, met gaste in deftige trouklere en heildronke.

In ons huidige praktyk van huweliksbevestiging verteenwoordig die meeste predikante die staat en die kerk, maar dit was nie altyd die geval nie. Die vroegste aanduidings van 'n huweliksbevestiging dui op 'instemming'. Aanvanklik was dit die instemming van die ouers in 'n patriargale stelsel, en eers later ook die instemming van die bruidspaar. Hierdie instemming is as wetlik en bindend beskou. Dit het waarskynlik deels met die beskerming van 'eiendom' en ruiltransaksies te make gehad, alhoewel daar natuurlik ook verliefde paartjies deur die eeue was soos Jakob en Ragel. Die Katoelike kerk het eers later die huwelik as 'n sakrament verklaar en dus die rol van die kerklike bevestiging 'n vereiste gemaak.

Met die reformasie word 'n doelbewuste keuse gemaak dat die huwelik nie 'n sakrament is nie. Luther en Calvyn het ook bygedra tot ons kerk-en-staatsverhouding in terme van huweliksbevestiging. Luther het die huwelik as 'n funksie van die staat beskou. Calvyn het egter gemeen dat beide die staat en kerk 'n rol het om te speel, naamlik die wetlike registrasie deur die staat en die predikant (God se verteenwoordiger) wat 'n huwelik seën. In vandag se tyd doen die meeste predikante beide funksies tydens een seremonie waar ons liturgie begin met die bewuswording van God en 'n gemeenskap se teenwoordigheid (wat die preek insluit). Dit word gevolg deur die wetlike bevestiging en dan feesviering tydens die onthaal.

Predikante se primêre rol in huweliks- seremonies is die liturgiese fasilitering van twee mense wat aan mekaar, voor God en hulle gemeenskap, trou belof. Die wetlike aspek is teologies en liturgies sekondêr hieraan. Daarom kan predikante steeds hulle primêre rol in huweliks- seremonies te midde van beperkinge op samekomste in die fases van grensdelyd vervul. Die huidi-

ge ritueel van huweliks- seremonies (bewus- wording van God en 'n gemeenskap se teenwoordigheid, wetlik en feesviering) kan in die fases van grensdelyd van mekaar losgemaak word en in verskillende rituele fases gefasiliteer word:

### 1. Bewuswording van God en 'n gemeenskap se teenwoordigheid

Hou 'n virtuele huweliks- seremonie met die paartjie se gemeenskap wat ook inskakel. Hierdie seremonie is soortgelyk aan die eerste gedeelte van 'n trouliturgie. Dit behels: die bewuswording dat God mense bymekaar roep, 'n kort preek, gevolg deur die paartjie wat aan mekaar trou belof.

### 2. Wetlike bevestiging

Wanneer die inperkinge dit toelaat, bevestig die huwelik wetlik. Die wetlike aspek van die huwelik moet sover moontlik toegepas word. Dit bied in ons konteks verdere wetlike beskerming.

### 3. Onthaal (feesviering)

Die meeste bruidspare wat in hierdie grensdelyd sou trou het reeds vir 'n onthaal, trourok en fotograaf betaal. Reël 'n feestelike seremonie vir wanneer die onthaalplek weer 'n datum beskikbaar het. Die paartjie kan byvoorbeeld steeds hulle trouklere dra en foto's neem. By hierdie geleentheid kan die bruidspaar ook hulle eie belofte aan mekaar voorlees, 'n ritueel saam doen, of seënbedes lees. Familie/vriende word by die liturgie betrek en die liturgie kan selfs deurlopend in die onthaal, alles in een ruimte, plaasvind.

Paartjies kan ook, wanneer die beperkinge dit toelaat en indien hulle dit verkies, eerder 'n kleiner/intiemer seremonie hou wat die wetlike aspek insluit.

Die feesviering van huwelike, waar vriende en familie saam kuier, is egter nie 'n hedendaagse verskynsel nie (dink maar aan die troue in Kana waar Jesus water in wyn verander het). Huweliks- seremonies gaan waarskynlik anders lyk in die volgende paar maande, as gevolg van ekonomiese omstandighede. Mis- kien ontdek ons opnuut die eenvoud van trou aan mekaar, voor God en ons gemeenskap, belof.

Deur die eeue was daar nie 'n vaste model van huweliks- seremonies nie. Dit het al verskeie vorme aangeneem en ontwikkel. Die ruimte waarin huwelike bevestig word het verander vanaf 'n familie-aangeleentheid na die kerkgebou en vandag spesiale huweliksonthaal- plekke. Waarom dan nie ook 'n virtuele ruimte nie? Om te trou is egter nie perde- koop nie en selfs virtuele huweliks- seremonies moet met erns benader word.

► Ds Anandie Greyling is predikant by NG Doornkloof Familiekerk in Centurion en het 'n passie vir liturgie en rituele.



# 'Sy juk is sag'

NELIS JANSE VAN RENSBURG

Die Covid-19-pandemie laat die druk in ons samelewing nou skerp oplaai. Meer mense is honger, meer mense is gefrustreerd, meer mense se inkomste is gesny, meer mense het hulle werk verloor, meer mense sukkel om toegang tot hulpbronne te verkry, meer mense staan in rye, meer mense word siek van die virus, meer mense se menswaardigheid kom in die gedrang, meer mense verloor geliefdes ... Terwyl baie nog tot op hede die impak van die pandemie tot 'n mate kon afweer, dring die groter werklikheid en implikasies daarvan nou deur tot in die uithoeke van elkeen se bestaan.

Die kerk reageer op die ontwrigting van die pandemie deur sy pastorale rol te vervul. Ons treur saam met dié wat treur. Mense treur wanneer hulle die pyn van verlies, vernedering of verwerping ervaar. Mense treur ook wanneer hulle magteloos en antwoordloos die toekoms moet in. Die evangelie van Christus is die goeie nuus van God wat mense se pyn en antwoordloosheid verstaan. Dit is die goeie nuus van 'n Christus wat mense nooi en sê: "Kom na my toe almal wat moeg en oorlaai is ..." Hy verstaan presies wat dit beteken. Sy oplossing lê nie in antwoorde uitdeel nie, maar in sy sagte juk. Daar, onder sy sagte juk, leer 'n mens van Hom, van sagmoedigheid en rus.

Die kerk reageer ook deur sy verkondiging van die Woord ernstig te neem.

En het ons nie gereageer met al die wonderlike digitale opsies wat aangegryp is nie!

Ons het ook 'n verantwoordelikheid om te bly honger en dors na geregtigheid. Daarom het ons 'n profetiese rol. Ons moet teenoor die maghebbers opstaan en vir die stemloses 'n stem wees. Ons moet staan by die verontregtes en dié wat agtergebly het in die stryd om middele. Die gevaar van 'n regering wat te magtig is en wat te veel inbreuk maak op die gang van mense se lewe is beslis in ramptye baie groot. Ons verkeer in buitengewone omstandighede en buitengewone maatreëls is nou nodig. Maar die regering se baie regulasies oor die uitdeel van kos mag nie die gevolg hê dat meer mense honger is, meer kinders verwaarloos word en meer mense se lot verseël is nie. Ons mag ook nie stilbly as regulasies veroorsaak dat mense eenzaam sterf en ly en desperaat moed opgee as gevolg van 'n gebrek aan liefde en aandag nie. Mense se Godgegewe waardigheid is op die spel. Die regering se gebrek aan redelike reëlings vir leraars om mense in nood te bedien, is ook nie voldoende nie. Geen staat kan bekostig om in 'n tyd van rou en ontwrigting sy pastors se nabye sorg te ontbeer nie.

Die NG Kerk het oor die afgelope dekades geleer dat die grootste profetiese impak gemaak word binne en deur die ekumeniese kerk. Ons is deel van verskillende ekumeniese netwerke wat tans standpunt inneem oor openbare

kwessies en met regeringslui daaroor in gesprek tree.

Ons het natuurlik ook 'n barmhartighheidsfunksie. Verteenwoordigers van die Algemene Sinode was verlede week deel van gesprekke met die verteenwoordigers van die samestellende sinodes en die onderskeie sinodale vakkundige maatskaplike dienste. Die NG Kerk se missionale teologie het ons op 'n besondere manier voorberei vir 'n tyd soos hierdie. Die omvang van ons gemeentes en lidmate se dienswerk en barmhartigheid is verstommend. Ten spyte van finansiële kwellings in gemeentes word talle lidmate wat in 'n krisis verkeer, gehelp. Maar daar word ook ver buite die grense van gemeentes hulp verleen met kospakkies, versorging van haweloses en diens aan mense wat broos is. Baie gemeentes het ook hulle fasiliteite hiervoor beskikbaar gestel. Die samewerking tussen gemeentes en CMR-kantore en diensorganisasies soos PEN is na ongekende vlakke van welwillendheid en effektiwiteit gevoer. Waar daar geskakel word met plaaslike owerhede, is die ontvangs en voortspruitende samewerking dikwels hartlik en verskillend. Waar gemeentes binne ekumeniese en gemeenskapsnetwerke funksioneer, is die impak van die barmhartighheidswerk wat buite gemeentegrense gedoen word die heel beste. Verskeie sinodes ondersteun hulle gemeentes deur bronne en werksaamhede te help koördineer, kommunikasie te

verbeter en selfs beste praktyke tussen gemeentes bekend te maak. Sommige sinodes het handleidings geskryf om dit vir gemeentes makliker te maak om toe te tree tot hulpverleningsaksies. Die kerk hoef nie soos die staat infrastruktuur op die grond te skep of uit te brei nie. Ons is op die grond. Saam met ons ekumeniese vriende is ons reeds deel van netwerke wat strek tot in elke hoekie van die samelewing. Netwerke soos die Nelson Mandela Bay Church Leadership Network, Tswane Christian Leadership Forum, KZN Council of Churches en die Western Cape Ecumenical Network maak dit tans moontlik om op 'n breër front dienswerk te koördineer.

Baie gemeentes verkeer in 'n finansiële oorlewingstryd. Mense gaan toenemend 'n gemeente se impak op sy gemeenskap as maatstaf gebruik of hulle daaraan verbonde wil bly. Die beweging van God deur gelowiges se lewe na mense trek gelowiges aan. Daar is dus 'n direkte verband tussen die oorlewing van gemeentes en hulle missionale gerigtheid en diensbaarheid.

Die kerk word nou omvattend uitgedaag. Die uitdaging is om Christus ernstig te neem en te glo dat seën te vind is in afhanklikheid, om te treur saam met dié wat treur, reinheid van hart, sagmoedigheid, barmhartigheid, te honger en dors na geregtigheid en die maak van vrede.

► *Ds Nelis Janse van Rensburg is die voorsitter van die ASM.*



NUWE  
stemme

# Hierdie werk moet die kerk mos celebrate!

MARCO KOCH

Ek was in 'n klein laerskooltjie in die laat 90's. Vir enige straf moes ons papiere optel. Ons het altyd gewonder waar die hope papiere vandaan kom. Die storie wat op die stoepe geloop het was dat juffrou Linda na snoepietyd die oorskot hotdog-sakkies juis sou hou vir wanneer meneer Botha dié straf moes uitdeel. Ons is konstant deur ons ouer boeties herinner hoe lucky ons was dat lyfstraf gestop is. Teen opteltyd het ek nooit lucky gevoel nie.

Soos die pliggie wat ek was wou ek egter altyd die meeste papiere optel om die juffrou te beïndruk. Een dag was my ma (nog steeds die beste graad 2-juffrou

in die wêreld) aan diens. Sy vra my: "Is die beloning nie soveel groter om papiere op te tel dáár waar niemand jou kan sien nie?" Dit was my eerste groot les in etiek, wat ek gedink het ek vir altyd sou onthou. Ek het hierdie herinnering egter verlede week vir die eerste keer herroep.

Ek lees in die *Republikein* van 22 April 2020 hoe 'n jong, werklose dame in die dorp se informele nedersettings vir 18 huishoudings kospakkies saamgestel en uitgedeel het. Haar woorde "Ek is al vir vyf jaar werkloos, maar ek het besef ek is nog steeds beter af as baie ander mense in die land." Natuurlik is ek dankbaar, dit is 'n ongelooflike mooi storie. Ek kan egter nie help om te

wonder hoekom ons eie gemeente se verhaal, waar honderde huisgesinne gevoed en volhoubaar ondersteun word, nie die koerante haal nie.

Ek wonder al lank oor hoekom die NG Kerk so stil is oor haar barmhartighheidsdienste. Tot my skaamte het ek in my gemeentejaar (2018) vir die eerste keer gehoor van die enorme bydrae wat die NG Kerk tot maatskaplike dienste maak. Ek was geskok om te hoor oor die miljoene rande se skenkings en honderde bedieningspunte. Ek onthou die warm en trots gevoel om deel te wees van só 'n liggaam.

Dit is dalk nie oral dieselfde nie, maar op ons dorp lyk dit my sit ons met 'n stuk (dalk oordrewe?) beskeidenheid.

Die probleem is dat ons niks van die goeie werk wat ons doen deel nie, soms nie eens aan ons eie gemeentedele nie. Hoe moet die land se mense, selfs gelowiges, opgewonde wees oor die NG Kerk se bydrae as hulle fisies nie eens daarvan weet nie?

Verskoon asseblief my taal, die tieners se verengelsde geloofstaal smeer op my af. Ek dink ons moet ons goeie nuus celebrate! Is dit nie juis die evangelie om goeie nuus, ook letterlik, te deel nie?

Sorry, Ma, ek dink ek gaan maar juffrou Linda se oorskot hotdog-sakkies voor die koerantverslaggewers begin optel.

► *Ds Marco Koch is leraar by die NG gemeente Eros, Windhoek.*



Ons hoor graag van jou. Besoek [www.kerkbode.co.za](http://www.kerkbode.co.za) en klik op die Briewe-skakel in die navigasiekolom en volg die eenvoudige aanwysings om 'n brief vir publikasie via ons nuwe aanlyninvolvorm te stuur. Helder en bondige briewe geniet voorkeur by publikasie.

## Kospakkies: Dít werk goed

### Marelize van Robertson skryf:

Armoede was nog altyd met ons. Selfs in Bybelse tye het Jesus die dissipels aangepraat om na die weduwees en wese om te sien.

Ek is al 'n hele paar jaar op verskeie maniere by mense wat in armoede leef betrokke: van werkskepping, kosmaak en kosgee, opleiding tot studies rondom armoede in die kerklike omgewing. Hierdie grendeltyd het sy eie uitdagings in die verligting van die omstandighede van mense wat in armoede leef. Veral ten opsigte van die Covid-19-virus, is nuwe denke nodig oor veral die verligting van die higiëniese toestande in arm huishoudings.

Daarom het ek vir 'n oomblik gaan

kyk na die inhoud van die veelbesproke kospakkies aan behoeftiges. Ja, vir seker is items soos tee, bruinsuiker, pasta, soppoeiers, blikkiesvis, droë peulgroentes, koekmeel, bakpoeier, sout, kookolie, blikkiesgroente en vuurhoutjies nodig. As dit moontlik is, sluit ook vars groente, eiers en melk of poeiermelk in.

In hierdie tyd is daar egter ook baie kinders tuis. Probeer gerus aan hulle dink deur aanmaakkoeldrank en springmielies by die pakkie in te sluit. Die springmielies is nie net 'n lekker peuselhappie nie, maar een koppie gesprongde mielies het dieselfde hoeveelheid koolhidrate as 'n sny brood. Moenie die vars brood vergeet nie. Sit

daarby ook margarien, konfyt en grondboontjebotter (ook 'n lekker bron van proteïen). Vars vrugte (lemoene is in seisoen) sal 'n goeie bydrae lewer tot die gesondheid en immuniteit van groot en klein.

Maar die belangrikste in hierdie tyd is sekerlik die oproep om higiënies te leef. Daarvoor het mense 'n paar ander goedjies nodig: seep, toilet papier, bleikmiddel, skottelgoedseep, waspoeier en tandepasta. Dink aan die dinge waarsonder jy in jou eie huishouding nie kan klaarkom nie. Dit sal jou help om die werklike nood aan te spreek en die lewe vir ander wat ontnem is van hierdie "gelukkies" beter en makliker te maak. En as jy en die kinders dalk regtig

kreatief wil wees en ook die gees van die mense wat swaarkry 'n bietjie wil lig: Sit 'n maklike reseep in van iets wat op 'n oop vuur of gasstofie gaargemaak kan word (Sorg natuurlik dat die bestanddele daarvan in die pakkie is). Moedig die kinders aan om briefies te skryf, kaartjies te maak, inkleurprente en kryte te deel, lekkergoedpakkies te stuur, of 'n klaar geleesde boek/tydskrif aan te stuur.

Ek hoop hierdie paar gedagtes help jou om nuut te dink oor die kospakkies wat ons in hierdie tyd by mense aflaai. Terwyl jy vreugde gee aan ander, mag jy ook vreugde en vrede beleef in jou diensbaarheid. En onthou: Ek en jy en al die ander mense is spesiaal vir God.

## 'Bevolkingsaanwas vernietig aarde onder ons voete'

### Rudolf Smit (emeritus) van Omaruru in Namibië skryf:

Wat is die eintlike probleem agter al ons hedendaagse aarde-probleme (uitdagings)? Ons weet nie meer hoe om oor God se aarde te heers nie (Ps 8), omdat ons slawe geword het van ons eie getalle. Weinig effektiewe stemme gaan op in die groot vergaderings en besluitforums van ons mensewêreld om te waarsku daarteen dat die mensdom se getalle onbeheerbare eise aan die aardbodem se vermoëns stel.

Vir my (leek in baie opsigte) wil dit voorkom of die Skepper van hemel en aarde sekerheidskakelaars ingebou het in sy skepping, wat geaktiveer word wanneer die mens nie meer weet hoe om te heers (Ps 8) nie ... soos droogtes, hongersnood, virusbesmettings, orkane, aardverwarming, verwoestende brande, om maar net sommige te noem.

Ons is nou al amper 8 miljard volgens die kenners en ons getalle sal teen 2050 dalk by 11 miljard kan verbyskiet, maar die aardbodem kan, teen ons soort verbruik (misbruik), nie eens 4 miljard volhoubaar onderhou nie. My "negatiewe" ondertoon met hierdie skrywe is 'n nederige poging om positiewe reaksie te probeer ontlok.

Een van die groot uitdagings is die

feit dat die wêreld se drie grootste en mees dominante sisteme nie hou van beperkings in bevolkingsgroei nie:

- **Demokrasie** staan vir regering deur die (meerderheids-) volk, met al sy gepaardgaande individuele en mense-regte, waarvolgens die mens self kan besluit hoeveel kinders hy/sy wil hê en by hoeveel lewensmaats.

- **Kapitalisme** wil geld maak deur 'n vrye mark vir soveel as moontlik verbruikers te skep, wat self kan besluit waar / watter / hoeveel verbruikersmiddele en grondstowwe nodig is om soveel as moontlik verbruikers te bedien, of die aarde dit nou kan onderhou of nie.

- **Georganiseerde godsdiens** wil graag meer en meer lidmate hê en wil graag meer kindertjies inseën en/of doop. Daarom is daar in sekere geloofsgroepe selfs weerstand teen geboortebepoering.

In tye soos hierdie wil Psalm 8 vir ons vra of ons werklik heersers is en of ons nie maar net slawe is van ons eie getalle en gepaardgaande gewoontes en misbruik en geite nie.

Miskien moet ons ons sonde en ellende van magsmisbruik (aardemisbruik) erken (Heidelbergse Kategismus Vraag en antwoord 2) en eerlik voor God uitroep: "Here, help ons om weer te kan heers, want ons lewe soos slawe wat geen beheer meer het nie!"

In God se groot genade en geregtig-

heid het Hy toe sy Seun gestuur om die slaaf te word van al die mense se heerserswanorde en -wandade en -flaters en magsmisbruik. Wie Hom as Here bely moet kennis neem van die unieke en verantwoordelike posisie waarin Hy as Skepper ons as sy mense geplaas het. Dan sal ons ook daadwerklik moet word en – soos met die Koronavirus – mekaar moet inlig en waarsku en bevoedig en beplan op alle samelewings-terreine tegelyk (veral regering, kerk en skool) om nie maar net 'n enkele een van die ernstige aardbodemsiektes (Covid-19) te bekamp nie, maar die groot probleem aan te spreek. Hierdie probleem bedreig nie maar net ons gesondheid en lewensbestaan nie, maar vernietig die enigste aarde onder ons voete. Mag God ons verander deur ons denke hieroor te vernuwe (Rom 12).

## Staak sinodes, oorweeg jaarkonferensies

### Ben Erasmus van Groot-Brakrivier skryf:

Dit is met groot hartseer, skaamte en teleurstelling dat ek al die berigte van kerkskeuring in *Kerkbode* lees. Ek wonder wat God dink as Hy hierdie fiasco in sy kerk aanskou. Die kerk is sy bruid. Dit is sy liggaam. Ons is tans besig om alles te vernietig. Sy liefde, sy kruisdood, sy enorme verdraagsaam-

heid, sy bruid, sy liggaam.

As ek al die berigte van groot vergaderings lees en wie wat kwyt raak en die opinies wat gelewer word deur hoofsaaklik predikante, dan weet ek net iets is besig om drasties te versleg.

Alles in oënskou geneem, is ek van mening dat die teokrasie waarbinne die kerk beheer, bestuur en regeer word nou beslis uitgedien is. Die tyd het aangebreek dat die sinodes kan voortbestaan vir watter doel ookal, maar nie meer as "parlement" vir die kerk kan dien nie. Daar moet ander strukture oorweeg word waar lidmate, die "eenaars" van hulle gemeentes en die kerk, besluite kan neem. Die enorme bedrae waarmee gemeentes deur die sinode belas word, kan ook drasties afgeskaal of selfs gestaak word.

'n Jaarlikse konferensie van NG gemeentes, kan oorweeg word. Hierheen kan elke gemeente twee afgevaardigdes stuur, maar nie predikante nie. Brandende sake kan hier gedebateer word nadat kundiges, maar nie noodwendig predikante nie, die konferensie oor sodanige sake toegelig het. Daar kan dan rigtinggewende besluite, maar nie bindende besluite nie, geneem word. Dit is maar een gedagte.

Wat vir my soos 'n paal bo water staan is dat die moord op God se bruid nou einde moet kry. Ons is weer op Golgota, maar nie as God se kinders nie, as die hoëpriesters, skrifgeleerdes en soldate. Amen.



## KONTAK ONS



### Teken in op Kerkbode

Jeanne van Niekerk  
E-pos: [jeanne@tydskrifte.co.za](mailto:jeanne@tydskrifte.co.za)  
Tel (Kantoorure): 021 864 8252  
**Intekenare/gemeentenavrae:**  
Viona Ross  
Tel 021 864 8278. E-pos: [viona@tydskrifte.co.za](mailto:viona@tydskrifte.co.za)

### Redaksie:

Stuur vir ons nuuswenke en artikelvoorstelle na [kerkbode@tydskrifte.co.za](mailto:kerkbode@tydskrifte.co.za)

**Redakteur:** Le Roux Schoeman  
[leroux@kerkbode.co.za](mailto:leroux@kerkbode.co.za)  
Tel 021 864 8247

**Assistent-redakteur:** Conette le Roux  
Tel 021 864 8236  
E-pos: [conette@kerkbode.co.za](mailto:conette@kerkbode.co.za)

**Ontwerper:** Mario Small  
E-pos: [mario@kerkbode.co.za](mailto:mario@kerkbode.co.za)  
**Proffeser:** Lambert Jacobs

### Advertensies en vakatures:

Hanlie Raath  
Tel 023 342 6030; sel 072 357 8914  
E-pos: [woes@mweb.co.za](mailto:woes@mweb.co.za)

### Kleinadvertensies en amptelike nuus:

Lida Viljoen  
E-pos: [lida@tydskrifte.co.za](mailto:lida@tydskrifte.co.za)  
Tel (Halfdag): 021 864 8202

### Bemaking:

Amanda van der Westhuizen, tel 021 864 8231



# A theology of silence?

ZORODZAI DUBE

God speaks through his attributes and yet also through his silence.

While we know that God speaks, did we miss a theology of silence? One thing that has become apparent during the outbreak of the Covid-19 is the silence of God. But how can He be silent? As society we are used to singing and telling others about how powerful God is. Indeed, God is powerful. God is the creator of heaven and earth and from whom each one derives his or her divine purpose. This is why each Sunday service and during mid-week church gatherings, we meet to remind each other about these eternal attributes – God's omnipotence and omnipresence.

However, something is amiss about God during the Covid-19 – God's silence. Similar to Job of the Old Testament, we cannot correlate our knowledge about God with his silence. Indeed, we want Him to speak so that He is true to his attributes. How can God be silent? How are we going to tell our children and grandchildren? What shall we say to them? We love our church services – the music, the laughter that we share after the church service. Oh, how can we forget the procession by the clergy as they enter the church building? We all stand as we, impatiently, like children wait to unwrap God's gift to us. These scenes remind us that, while outside the world is full of misery and stress, here in church, we are at home. We are at home with a God who comforts and loves us so dearly and this gives us the energy to come again the following week.

Now we have closed the church doors and the church bell cannot ring anymore. We have closed our hymnals and we cannot give back to God the sweet melodies that we think He deserves. How can He not like our offerings and tithes? Now we are hiding away in our homes. Each day on our TV screens, we watch with sorrow the news of thousands slaughtered by this virus. Where did it come from? When is it going to end? Will it end? How many will it kill before it disappears? What if it does not go away, then, is this the end of us as human beings?

These are difficult and irreconcilable questions to our confession. The most puzzling question is why is God silent? Ok, let's suppose that after many deaths, He shall come to speak again. But has He not humiliated us enough such that even when we come out from our hideouts we will not be able to answer this one question, that is – why was He silent?

God is silent and yet He is talking. He was silent and yet talking for years when the Pharaoh of Egypt enslaved the Jews. He was silent and yet talking for years when people were waiting for the Messiah. He was silent and yet talking when Jesus was dying on the cross. Perhaps the Covid-19 is a reminder that as Christians, we are used to hearing God talk through his miracles and yet unable to listen to his silence. As a church, do we have a theology of God's silence? Do we have ears and capacity to listen to his silence? Perhaps the Covid-19 is a call to a theology of silence – to listen to God's silence when the curtains close, when the night comes, when darkness covers the earth, when voices fade into silent night.

Perhaps the theology of silence was what Peter and the other disciples failed to listen to or comprehend. To Peter who was a Zealot by background, God's silence was his shame. 'How, with all his power can He silently die on the cross?' Peter asked. 'I don't know him, I don't know this silent Jesus,' Peter protested. Equally, to John the son of Zebedee who had followed Jesus from the beginning, Jesus' silence on the cross was his point of greatest shame. In response, he could not hold it together but decided to lurk in the darkness and not come close to the Jesus he loved. To the women at the crucifixion too, God's silence caused grief and sorrow.

Perhaps as church, we are replicating this inability to comprehend the theology of God's silence. Like the disciples, we are asking ourselves – 'why cannot He live up to his word?' For some, similar to Peter, Covid-19 makes us to experience a point of regret and we are tempted to contemplate going back to our previous vocation. Maybe we are all whispering the question – 'How can I preach or confess the silent cross?' After Covid-19 is over, how shall we go back to our church building and face the silent cross? Indeed, there are no easy answers.

Nevertheless, one thing is certain – that God speaks through his attributes and yet also through his silence. We are used to his speaking while rebuking demons, healing the sick and silencing the storms. The Covid-19 could be a reminder to us all that God speaks also through his silence and, at this point as the church, we need to hear God during his silence and in our faculties of theology should develop a theology of God's silence.

► *Dr Zorodzai Dube is professor of New Testament Studies at the University of Pretoria.*

## Tussenkerklike raad

### Openbare verklaring: Kerkwees in die tyd van die koronavirus (Covid-19)

Die koronavirus (Covid-19) het Suid-Afrika, soos die res van die wêreld, feitlik oornag in 'n ongekende situasie gedompel. Dit raak elke individu, elke familie en elke gemeenskap. Dit bedreig ons gesondheid, ons gemoedstemming en geestesgesondheid, ons werk en inkomste, ons gemeenskapsaktiwiteite, en die welsyn van die staat.

Die Tussenkerklike Raad (TKR) wil ons opregte meegevoel uitspreek teenoor elkeen wat die virus onder lede het of reeds baie siek is en hulle geliefdes, elkeen wat in isolasie verkeer, en elkeen wat iemand weens hierdie virus aan die dood afgestaan het.

Ons wil ook ons dank uitspreek teenoor al die gesondheidswerkers en hospitale wat onder moeilike omstandighede toetse uitvoer, mense behandel en berading gee. Hierdie mense verrig heldedade in naaste diens, dikwels sonder enige erkenning en waardering.

Die TKR is bewus van talle kerke en gemeentes wat onder die huidige omstandighede mense in nood bystaan. Gemeentes vind nie net nuwe maniere om die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus voort te sit nie, maar verleen steeds hulp aan bejaardes, siekes en die naasbestaandes van mense wat in hierdie tyd te sterwe kom. Gemeentes reik uit om mense wat hulle inkomste verloor het, materieel te ondersteun en kos aan mense in nood te verskaf. Die kerke se maatskaplike dienste doen alles in hulle vermoë om weerlose mense teen misbruik en geweldsmisdaad te beskerm.

Daar is waardering vir die President, die Minister van Gesondheid, die Nasionale Koronavirus Bevelsraad en die betrokke staatsamptenare wat spoedig opgetree het en vertrouwe inboesem. Ons het begrip vir die uitdagings wat met die haastige formulering en proklamasie van regulasies en die oordra en verduideliking aan amptenare wat dit moet toepas, gepaard gaan. Dit is jammer dat daar insidente van onnodige magsmisbruik was, maar ons vertrou dat elke sodanige geval vinnig en beslissend aangespreek sal word sodat dit die uitsondering bly en nie die norm word nie.

Waar dit by die dag dringender word om 'n gesonde balans tussen die bekamping van die virus en eko-

nomiese aktiwiteit te vind, doen die TKR 'n beroep op die regering om die rampregulasies so gou moontlik te verslap sodat al meer mense – veral in die kleinsakeomgewing en informele sektor – weer kan begin werk. Ons aanvaar dat die koronavirus ons leefwêreld en werksplek onherroeplik verander het, en dat almal van ons 'n nuwe lewenswyse moet aanleer en maatreëls in plek moet stel om ons eie gesondheid en die gesondheid van al die mense om ons te beskerm. Maar ons is ook ernstig besorg oor kleinsakeondernemings wat sluit, werksgeleenthede wat verlore gaan, en die groeiende getal mense wat sonder inkomste en heenkome sit.

Terselfdertyd is ons besorg oor mense se geestesgesondheid en geestelike welstand. Die gebrek aan sosiale kontak en afstand van geliefdes skep ernstige emosionele probleme vir baie mense. Wanneer die gemeenskappe van gelowiges nie soos gewoonlik in 'n erediens kan vergader nie, ontbeer lidmate die bemoediging en inspirasie van die gereelde Woordverkondiging, en ook 'n belangrike ondersteuningsnetwerk wat hulle hoop gee. Ons pleit dus vir die geleentheid om so gou moontlik toegelaat te word om weer as geloofs-gemeenskappe te vergader – al is dit in beperkte getalle en met allerlei maatreëls om gesonde higiëne te verseker.

Te midde van hierdie omstandighede roep die TKR ons lidmate en medegelowiges in die land op om saam met ons te bid: vir almal wat so intens deur die pandemie geraak is, en ook vir die President en regering. Ons vertrou ons lewens aan die Here toe en bid dat Hy ons sal bewaar en vir ons land en ons wêreld uitkoms sal bring. Ons Here Jesus Christus leef; Hy gee nuwe lewe aan elkeen wat glo. God is lig; Hy bring nuwe lig vir die wêreld. God is liefde; nou kan ons uit dié bron van liefde leef.

**Dr Gustav Claassen** – Algemene Sekretaris van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

**Dr Wouter van Wyk** – Sekretaris: Kommissie van die Algemene Kerkvergadering Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

**Ds Cassie Aucamp** – Voorsitter: Deputate Ekumenies (SA) Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.



# Sy gee haar hart vir Hillbrow

JACO STRYDOM

“Op ’n dag het ek só verlang na die Kaap, maar toe voel ek of die Here vir my sê, maak die geboue jou berge, embrace wat voor jou en by jou is en leef in die nou,” vertel Leona Pienaar.

Jy kan nie jou lewe vir Jesus gee sonder om dit vir die wêreld te gee nie en Leona het besluit om haar lewe te gee vir ’n stad. Sy gee haar hart vir Hillbrow. Letterlik.

Haar pa was ’n skoolhoof op ’n klein dorpie in die Kaap en haar ouers het dikwels mense in nood probeer help. Nog iets wat Leona geïnspireer het was ’n oom wat stories oor Hillbrow vertel het toe hulle as gesin met vakansie was. Sy het vir haar pa gesê sy wil ook mense help en besluit sy wil eendag ’n maatskaplike werker word.

Pas na die voltooiing van haar studies op Stellenbosch, ry Leona met ’n stokou rooi Mini Hillbrow binne.

Die mense van MES, die organisasie saam met wie sy sou werk, het vergeet sy kom daardie dag, haar slaapplek was nog nie gereël nie en daar was geen bed vir haar nie. “Maar dit was nogal simbolies, want die meeste mense wat na Hillbrow toe kom weet nie waar hulle die aand gaan slaap nie.”

Dit is nou 26 jaar later en Leona is

onlangs aangestel as die nuwe uitvoerende hoof van MES.

MES is ’n merkwaardige organisasie. Hulle het meer as 160 voltydse werknemers. Die doel van die maatskappy is om hoop te bring in ’n stukkende wêreld. Om donker plekke op te soek en juis daar ’n lig te wees. “To change the heart of the city,” is hulle motto. Van MES se grootste projekte is in Hillbrow, maar daar is ook projekte in Kemptonpark, Port Elizabeth en in Kaapstad. Hulle het skuilings vir haweloses waar ongeveer 280 mense gehuisves word, voedingskemas, opleidingsprogramme, ’n verskeidenheid van dienste waar meer as ’n 1 000 gesinne maandeliks hulp kry ... ’n Mens sou bladsye kon skryf oor alles wat hulle doen.

“Raak jy ooit moedeloos?” vra ek.

“As ek sien hoe mense ongelooflike geleenthede deur hulle vingers laat glip, maak dit my soms moedeloos,” sê Leona, “en mense van die publiek wat soms geweldig veroordelend is, en dan ook die corporate sponsors en die regering wat sekere uitkomst op papier verwag, maar nie ’n idee het van ons realiteit op die grond nie.”

Ons gesels oor hoe ingewikkeld dit dikwels raak om met die nood in ’n gemeenskap te werk onder die druk van korporatiewe donateurs wat voort-

durend statistieke van suksesse verwag. Dit is moeilik om sukses met korporatiewe meetinstrumente te meet wanneer dit oor die kompleksiteit van mense in nood in ’n stad gaan. Hoop beteken vir ’n ou op straat heeltemal iets anders as vir ’n besigheidsman in sy kantoor.

“Dit is vir my ’n groot ding om brûe te bou tussen gemeenskappe,” sê Leona. “Om mense te help om mekaar se wêreld te verstaan.”

Daar is ook ’n klomp positiewe goed wat Leona inspireer. Sy vertel van die oop harte van mense, besighede wat moeite doen om te help en op verskillende maniere betrokke is, gewone mense wat dikwels kom hulp aanbied nadat hulle gehoor het daar is nood.

Hulle beleef dit ook nou met die Covid-19-pandemie. Een van die mooi stories is van ’n groep sjefs van luukse restaurante en hotelle wat kom hulp aanbied het. Hulle het gesê hulle kan in elk geval nie nou werk nie, hulle sal graag help kosmaak vir die massas haweloses in die nuwe skuilings vir wie MES skielik verantwoordelik is as gevolg van die grensdelyd.

Leona vertel dat daar al baie lesse geleer is tydens vorige krisisse. Verlede jaar moes hulle byvoorbeeld skuiling en kos organiseer vir ’n klomp mense in nood met die uitbreek van die xeno-

fobie-geweld. Van daai lesse kon hulle nou weer toepas. Hulle het met die nuwe uitdagings van die Covid-19-epidemie besef dat hulle dinge moet implementeer wat op die langtermyn ’n effek sal hê. Dit is nie ’n honderd meter wedloop nie, eerder ’n maraton. Wie weet watse uitdagings lê nog voor?

’n Mens kry die idee dat Leona en die mense saam met haar die heelyd besig is om nuwe planne te maak, om nuwe probleme op te los. Moeilikhede is hulle besigheid *and business is booming!*

Een ding is seker mense soos Leona is nooit verveeld nie. Dit val my keer op keer op hoe passievol sy is, dit is asof die stad wat haar moeg en soms moedeloos maak, haar ook energie gee en inspireer.

Toe ek haar vra wat sy doen om nuwe energie te kry, sê sy: “Ek hou daarvan om kreatief besig te wees.” Sy laat my dink aan die ou wat eenkeer gesê het hy is nou so besig met dinge wat vir hom sin maak, hy weet nie waar hy tyd gaan kry vir ’n midlife-crisis nie.

Leona vertel hoe belangrik tyd saam met haar gesin vir haar is. Sy is mal oor die see en die berge en om in die aand in die natuur by ’n kampvuur te sit en gesels. Sy vertel hoe moeilik dit in tye soos hierdie raak om alles te probeer balanseer. Krisisse hou nie by ’n skedule in ’n dagboek nie.



Leona Pienaar (regs), hier afgeneem kort voor Paasnaweek in 2019, skud ná ’n middestad-erediens blad met kollegas en mede-kerkgangers. Pienaar het vanjaar die leisels as hoof-uitvoerende beampte van MES by ds Alan Childs oorgeneem.

Foto: Le Roux Schoeman



# Wat skrop en skoonmaak ons oor gebed kan leer

DALÉNE FLYNN

**H**et skrop en gebed iets in gemeen? Ek het ook nie so gedink nie tot ek vanoggend op my knieë op die kombuisvloer rondgekruip het ... Toe het ek besef dit het eintlik baie in gemeen!

Tydens die grendeltyd het ons ons huis in drie dele verdeel. Elkeen van ons, dit is nou ek, my man en ons seun, moet een van hierdie dele skoonhou. Ons het ooreengekom dat as dit goed gedoen word, een keer per week voldoende is.

Twee agtereenvolgende Saterdag het ek en my man skuldig vir mekaar gekyk wanneer ons hoor ons seun is fluks besig om sy deel te doen. Die derde Saterdag het ons besef êrens gaan hy dalk spoed verloor as ons nie ook maar inspring en ons deel doen nie.

Na my eerste Saterdagssessie kon ek skaars uit die bed opstaan so styf was ek. Nie hardloop, fietsry of swem het my al ooit so styf gemaak nie. Die enigste iets wat al naby dit gekom het, was muurbal. Ek dink hoe baie gimnasiumgeld ek al oor die jare kon gespaar het!

Tot my groot skaamte en skande moet ek sê dat die twee ouers die vierde Saterdag sonder enige skoonmaak laat verbygaan het. Vanoggend was dus weer D-dag, of moet ek dalk liever sê S-dag?

Tydens die twee S-dae waar skoonmaak nou al wel plaasgevind het, het ek baie gou agtergekom 'n mens kan bolangs skoonmaak of jy kan dit ordentlik doen. 'n Mop en 'n verestoffer is handige dinge maar dit verskuif net die stof en vuil en troos so 'n bietjie. Om dit

regtig ordentlik te doen het 'n mens 'n emmer water en 'n lap nodig. O ja, en natuurlik ook knieë en elmboë.

Dit is nou toe ek so op my knieë op die kombuisvloer rondkruip en die vuil uit elke hoekie uitvee wat ek wonder hoe sou die samelewing gelyk het as ons meer knie en lapperig as staan en mopperig bid?

Die Bybel sê bid sonder ophou maar dit is soos skoonmaak. Elke dag skoonmaak is beter maar nie lekker nie. Weekliks doen ook die ding as jy dit behoorlik doen. Af en toe soos wat ons skoonmaak werk dalk, maar dit maak jou elke keer weer van voor af styf. Na 'n harde sessie is jy kwaad dat jy dit nie maar liever meer gereeld doen nie.

Julle bid en julle ontvang nie, want julle bid verkeerd. Daar is duidelik regte maniere van dinge doen en minder regte maniere. Beide kry die ding gedoen maar die eindresultaat is wesenlik verskillend!

Dikwels maak ons ons lewe so bolangs skoon, gooi gou hier en daar 'n gebed na bo en doen ons eie ding. Wat sal gebeur as ons so af en toe behoorlik in klim met water, 'n lap, ontsmettingsmiddel en behoorlik skoonmaak aan ons binnekant? 'n Goeie kniesak-sessie waar ons dinge uit die versteekte hoekies uitkrap, dit alles aan die Here se voete neersit, dinge uitpraat, skoonmaak, sulke goeie werk doen dat ons behoorlik styf is hierna. Styf maar splinterwit aan die binnekant met 'n nuwe vonk in ons stap en hoop vir die nuwe dag!

► *Dr Daléne Flynn is fasiliteerder vir die seniorlidmaatbediening by NG gemeente Lynnwoodrif in Pretoria.*

## Gebed met die hande onder die kraan

Deur Neels Jackson

Die water spoel oor my hande  
maar die woorde steek vas in my keel.  
Hoe bid 'n mens in hierdie tyd?  
Ons het nog nooit so iets beleef nie.  
Heer, wees ons genadig.

Ek voel die seep tussen my vingers,  
Vryf my hande bo, onder, alle kante.  
Skoonwas.

Dis mos u metafoor, Here.


Maar hoe moet ons dit verstaan in so 'n tyd?

Wat kan ek bid met my hande onder die kraan?  
Ek dink aan die kwesbares,  
en wonder of ek ook een is.  
Heer, wees ons genadig.

U roep ons om te volg.  
U stel die voorbeeld van deernis en diens.  
Maar hoe gee ons op 'n afstand om?  
Of lê die omgee juis in afsydig bly?  
Is hierdie ritueel van water en seep  
ons nuwe sakrament?  
Heer, wees ons genadig.

Om ons tuimel die markte.  
Besighede ly skipbreuk  
en soos drenkelinge spoel mense uit  
op strande van wanhoop.  
So iets het ons nog nooit beleef nie.

Ek was my hande in gebed:  
Heer, wees ons genadig.



## Klein venstertjies op God

### Dood? Nee! Lewe!

Nuusberigte van oor die wêreld word daaglik deur die getal dooies, siekes, grante en selfs massagrante oorheers. Covid-19 het die wêreld tot stilstand gebring. Dié virus, met sy doodsgesig, het wydsbeen oor die aardbol kom staan.

Die digter van Psalm 116 het ook op 'n dag die dood in die oë gekyk. Miskien was dit siekte. Ons weet nie. God het egter sy noodkreet gehoor en hom uit die kloue van die dood gered. Daarom getuig hy diep dankbaar: "Vir die Here is die dood van sy troue dienaars geen geringe saak nie" (Ps 116:15). Vir God, as die Skepper en Onderhouer van alle lewe, is lewe kosbaar, veral die lewe van sy kinders, want Hy is lief vir hulle. Selfs die hare op hulle hoof is getel (Matt 10:30).

Lewe is so kosbaar vir God dat Hy in Jesus Christus die doderyk ingegaan en die dood, ons grootste vyand, nek omgedraai het. Sedertdien is die dood ontwapen (1 Kor 15:55).

Daarom kan gelowiges in hierdie Covid-19-tyd ontspan en opnuut die Here dank vir die gawe van lewe – ewige lewe – en vir die dood tong uitsteek (1 Kor 15:55).

Foto en teks deur Kobus Smit

# Só lyk 'deur' wat grendeltyd oopsluit

**Politici wat hulpverlening onnodig wil inperk, oorspeel hulle hand, skryf BARRY TOLMAY.**

Vanaf die vroegste tyd is daar vraagtekens oor die funksie van die kerk en die funksie van die staat in 'n samelewing. Mag het hierdie fyn balans op direkte of indirekte wyse oor al die eeue beïnvloed. Die Romeinse Ryk het die vroeë kerk vervolg en so sy mag misbruik. Tydens die Middeleeue sien ons hoe 'n magspel tussen die keiser en die pous dikwels chaos veroorsaak het. Tydens die Reformasie het die Protestante dikwels 'n opdraande stryd gevoer omdat die Katolieke kerk en die koning saamgespan het.

Met die totstandkoming van die moderne staat in 1648 vind ons 'n duidelike nuwe fase. Binne die beginfase van die moderne demokrasie is samelewingsfunksies uitgekarteer om harmonie te vind. So kon kerk en staat 'n nuwe ritme vind.

Duidelike funksies is aan kerke toegeken wat met geloof en geloofsgemeenskappe verband hou. Indien kerke dan nie hulle ontiese funksie (met ander woorde dit wat tot hulle wesenslike kenmerke behoort) oorskry nie, en die staat sy regs-ontiese funksie vervul,

werk sake goed uit in 'n samelewing.

Die regsbank het ook 'n skeidsregterrol indien enige van die twee partye sy terrein sou oorskry. Die onafhanklikheid van die regsbank is noodsaaklik en hierdie funksie noem ons "the rule of law".

In Suid-Afrika vind ons dat daar 'n konstitusionele hof is en dat die Handves van Menseregte so grondwetlike regte beoordeel. In die Liberale demokrasie is daar veral drie ankers waarbinne Suid-Afrika funksioneer:

- **Vryheid:** Hiervolgens is mense vry om te funksioneer solank hulle nie die vryheid van die staat of ander mense beperk nie. Godsdienstvryheid gee dan vir mense in Suid-Afrika kans om vry te aanbid en te funksioneer.

- **Gelykheid:** Hiervolgens is almal gelyk in die land. Kerke en ander geloofsgroepe het ook 'n gelyke posisie in die samelewing. Mense het ook gevolglik die reg om nie geloof te beoefen nie.

- **Menswaardigheid:** Elke mens moet te alle tye menswaardig behandel word. Dit is daarom nie billik as 'n pastoor "Doom" in sy lidmate se gesig spuit nie ...

Die owerheid in Suid-Afrika kan wette maak om geloofsbyeenkomste te beperk tydens die Covid-19-tydperk. Dit is egter 'n noodmaatreël en behoort alleen plaas te vind na konsultasie met

ekumeniese liggame, byvoorbeeld die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK). Dit moet altyd aan die beginsel van billikheid voldoen en slegs 'n tydelike maatreël wees. Dit kan ook nie onnodig lank plaasvind nie.

Tot die wese van die kerk behoort die godsdienstige versorging van haar lidmate. Liefde staan in die Christelike geloof sentraal. Ons predik oor baie jare dat liefde vir God en liefde vir ons naaste nie net 'n emosie is nie, maar in dade moet oorgaan. Die onlangse rolprent *Dominee Tienie* toon juis hierdie aspek aan. Ds Tienie het gesien hoe minder en minder lidmate Sondae sy eredienste bywoon. Dit het hom vervreem van sy eie menswees om net sy eie kudde te bedien. Hy was vasgevang in hulle grille en gier. Die deurbraak kom as ds Tienie juis die kerk na die gemeenskap en na alle mense (ook straatmense) toe neem. Dit lê aan die hart van die NG Kerk se dryf in haar missionale diakonaat. Hiervolgens moet ons juis ons breër samelewing bedien en 'n liefdesverskil maak deur ons geloof sowel as dit wat ons in die samelewing daar buite doen. Dit behoort tot die ontiese taak van die kerk. Binne die ekumeniese beweging vind hierdie liefdesdade en versorging saam met ander kerke en gemeenskapsorganisasies plaas. Daar is tans soveel gemeentes wat deel is van hierdie lief-

desgolf en fantastiese werk doen in hierdie tyd van Covid-19.

Daar was die afgelope week baie gerugte dat sekere politici vir kerke en gemeenskapsorganisasies met regulasies wil beperk om ons eie lidmate en ook kinders en brose mense in die gemeenskap te help in die tydperk van hongersnood. Daardie politici is enkelinge wat hulle hand oorspeel. Die staat kan wel toesien dat daar billike verspreiding van hulp na gemeenskappe is, en dat mense nie die Covid-19-pandemie verder versprei nie.

Covid-19 bied vir die NG Kerk en elke gemeente die geleentheid om vanuit die hart van sy liefdesdiens juis nou uit te reik en goed te doen in die krisistyd. Die vroeë kerk het juis liefde prakties uitgeleef, hoewel hulle vervolg is. Hulle het nie gehuiwer om ook die bietjie wat hulle gehad het, met mekaar en ook met mense buite die kerk te deel nie. So was hulle 'n ware Liefdesgemeenskap en het die Heilige Gees volgens Handeling 4 juis die kerk ongekende groei laat beleef.

Laat ons dan nie huiwer om juis nou ons lidmate en gemeenskappe buite die kerk met liefde te voed en te versorg nie. Dit is die deur wat grendeltyd juis nou vir ons oopmaak.

► *Dr Barry Tolmay is moderator van die NG Kerk in KwaZulu-Natal.*

## 'Minder is meer,' sê pionier wat al jare digitaal bedien

**Die bekende prediker, skrywer en redakteur van ekerk, Stephan Joubert, praat met *Kerkbode* oor e-bediening met diepte en die moets en moenies van digitale kerke. Hier is 'n paar hoogtepunte uit die gesprek.**



Stephan Joubert

### Info-snelweg vs Koinonia

Ek dink daar het 'n dramatiese verskuiving gekom van die internet as 'n informasie-hoofpad na digitaliteit as sosiale media. Die groot skuif wat die kerk behoort te maak is om te besef dat 90% van koinonia (gemeenskap tussen gelowiges) ook op digitale platforms kan gebeur. Daar kan steeds oor geloof gepraat word, geloofsgroei, bemoediging kan steeds digitaal plaasvind. Mense kan vir mekaar bid en omgee en in daardie sin is ons nie net besig om geestelike informasie oor te dra nie, maar is ons besig om mense in tribes te bring.

### 'n Paar digitale 'gebooi'

Minder is meer as 'n mens op die internet is. Moenie sosiale media met sweet nothings of massas foto's elke dag oorstroom nie.

Jy het nie nodig om 'n opinie oor alles op sosiale media te hê nie. Respekteer dat ander mense anders as jy dink. Wees geloof-wys of spiritually wise.

Mense moet weet hulle hoef nie 'n nuwe preekloopbaan op die internet af te skop nie. Jy moet weet dat jy ook nie Bybelverse lukraak hoef aan te haal en rond te stuur asof jy hemelse antwoorde

aan almal verskuldig is ter verklaring van Korona en kie nie. Weet dat God nie internet-advokate nodig het nie, maar eerder keurige gelowiges.

Hou in gedagte om nie digitaal te skinder nie, want die internet het 'n ewige geheue en dit kan lank teen jou tel.

Systap fake news. Probeer eers self die feite agterkom voor jy enige inligting versprei of verder aanstuur.

Moenie te veel post nie, want meer is minder en minder is meer.

### Webverkeer: Hoe en wat moet 'n mens meet?

ekerke is groot. Ons het byvoorbeeld laasjaar 2,7 miljoen e-posse uitgestuur. Maar die belangrikste vir ons is om te kyk hoe lank mense op die webwerf bly eerder as om die hoeveelheid digitale voete te monitor.

'n Studie uit Japan wys dat mense 18 sekondes op 'n webblad deurbring. Hulle het selfs gekyk hoe loop mense se oë op 'n webblad en hoe kyk mense na die skerm wanneer teks daarop geplaas

word. Mense lees letterlik in 'n omgekeerde H. Hulle lees twee reëls en dan gaan hulle af na 'n dun strepie in die middel en dan lees hulle weer heel onder aan die teks. Ons is baie dankbaar dat mense selfs ons langer digitale byeenkomste byvoorbeeld die Bybelskool van 35 minute bywoon en dat ons 90% van die mense behou. Ons voel daarom dat mense ons vertrou. Daar is diepte rondom die inhoud wat ons aanbied.

### Kykers verkies 'regstreeks'

Elke Sondagoggend het ek 'n regstreekse boodskap en elke Woensdagaand het ons 'n regstreekse Bybelskool. Live video het ook risiko's, soos dat my kat Sondagoggend terwyl ek preek op my skoot kan spring! Maar ons kom agter die mense bly langer as die uitsending regstreeks is. Dis daarom vir ons groot vreugde om nie op die groot volume toename te fokus nie, maar om eerder te monitor hoe lank mense die Bybelskool bywoon. – **Onderhoud: Jacobie M Helena.**



# Wenke vir die werkplek (en lewe) na Covid-19

JEANETTE CLARK

**D**alk het jy nog altyd gereken dat jy aanpasbaar en redelik plooibaar is. In menige situasies in jou loopbaan kan jy voorbeelde uitlig van hoe jy nooit teen nodige (of selfs onnodige!) verandering geskop het nie. Jy't nie gaan staan en molshope in berge verander nie. Jy kon in moeilike omstandighede uithou en aanhou en oplossings vind.

Maar nou is jy uitgeboul.

Die impak van die Koronavirus op ons samelewing en ons interaksie met mekaar is omvattend. Dit is indringend en skielik besef jy: Ek het inderdaad 'n diepgesetelde afkeer van verandering.

In die konsultasie-maatskappy KPMG se jaarlikse meningspeiling van uitvoerende hoofde van maatskappye (wat verlede jaar in Mei gepubliseer is), het die respondente dit duidelik gestel: Jy moet behendig en rats op konstante verandering kan reageer, óf jy staan die kans om irrelevant te word. En toe tref die pandemie die wêreld.

So te midde van onsekerheid is dit veilig om te sê dat 'n weersin in verandering onder die problemeienskappe tel wat die post-Covidlewe moeilik gaan maak. Hieronder is nog 'n paar.

## Probleem-eienskap 1: Jy het 'n afkeer van verandering

Lisa Garson, uitvoerende direkteur van Action Appointments, 'n werwingsmaatskappy met ervaring in die ontwikkelingsektor, wys daarop dat organisasies al eintlik voor die Covid-19-pandemie werknemers gesoek het wat oopkop op verandering kon reageer, of selfs die voortou kon neem om die verandering te rig en te stuur.

“As jy vanuit die staanspoor reken dat jy dit net eenvoudig nie kan doen nie, jy kan nie hierdie verandering in jou lewe inkorporeer nie ... Daardie aversie gaan jou in die moeilikheid kry,” sê Garson.

Die pas van verandering was reeds blitsig vóór die pandemie ons getref het, maar dit is selfs nou nog meer versnel. 'n Voorbeeld van hierdie tempo kan in die navorsingsmaatskappy Raconteur se navorsing gesien word. Dit gebruik die skep van data as 'n aanwyser. In die laaste jaar is daar, per dag, 500 miljoen twiets uitgestuur, 306 miljard e-posse wat heen en weer gezoem het en 44 zettagrepe data altesaam in die data-heelal opgegaan.

Dr Jean Cooper, bedryfs- en ondernemingsielkundige wat leierskapsadvies vir verskeie maatskappye bied, sê die impak van die pandemie is beslis ongekend.

“Ek dink die moderne mens van die laaste 100 jaar het dalk begin dink ons het alles onder beheer. Akademies het ons waarskynlik geweet dat iets soos die pandemie moontlik is, maar ons was nie daarop voorbereid nie. Die realiteit is nou dat ons nie weet wat die dag van môre bring nie,” sê hy.

## Probleem-eienskap 2: Jy het min empatie in voorraad

Cooper sê ons het nou leiers en werknemers nodig wat die vermoë tot empatie het.

“Jy moet kan voel wat iemand anders voel. Jy moet bereid wees om kwesbaar en

outentiek op te tree. Ons hoef werklik nie voor te gee dat ons alles weet en die toekoms kan sien nie,” sê hy.

Garson reken mense met emosionele bewustheid is al geruime tyd in aanvraag. Dit gaan nou nóg meer nodig wees. “As jy jousef in iemand anders se skoene kan plaas en 'n omgewing skep waar ander veilig voel, gaan jy goeie resultate kry,” sê sy.

Aan die einde van Januarie hierdie jaar het die platform LinkedIn hulle werksgeleenthede-verslag van 2020 vrygestel. Die boodskap was duidelik: “Die 2020's gaan beslis daaroor gaan om mense eerste te stel.” Min het hulle geweet juis hóé belangrik dit gaan word in 'n tyd waar alle mense tans deur 'n traumatiese ervaring beweeg.

As jy apaties gaan staan teenoor ander en hulle ervarings in hierdie tyd, gaan dit knor om 'n doeltreffende span te bou wat die aanslag van verandering kan weerstaan.

## Probleem-eienskap 3: Jy neem alles persoonlik op, glo jy moet reg wees en tree konstant verdedigend op.

“Niemand kan nou voorgee hulle het al die antwoorde nie,” sê Cooper.

Volgens hom was die vermoë om kwesbaar te wees nog altyd 'n kernwaarde van goeie leierskap, maar dit is nou net meer duidelik.

Dus moet elke werknemer in sy invloedssfeer besef dat maniere van doen, voorstelle vir oplossings en idees van alle kante kán en móét kom. En as joune nie uitgewerk het nie, of afgeskiet word, moet jy jousef kan afskud, opstaan en aangaan. In sportkringe is die Engelse term bouncebackability vir die eerste keer deur sokkerbestuurder Ian Dowie gebruik om hierdie eienskap te beskryf.

Cooper sê die ingeburgerde patriargale manier van dink, dat die een in beheer nou al die antwoorde moet hê en moet reg wees, gaan nie nou die mas opkom nie.

“Leiers moet nog altyd eintlik van mense vereis om nie hulle eie besluitnemingsvermoë en gesonde verstand te abdikeer nie. Jy moet kan toelaat dat ander met teenvrae en teenargumente kom. Dit is nie die maklike benadering nie, dit beteken jou eie voorstelle gaan gekritiseer word. Maar dan, net dalk dan, vestig jy 'n sisteem wat kan dink,” sê Cooper.

“Die mense wat in aanvraag gaan wees, moet hierdie vermoë hê om nie goed persoonlik te vat nie. Ons kort mense wat lateraal kan dink en saam oplossings kan skep,” stem Garson saam.

## Posisioneer jousef nou vir die volgende stap

Dit is nie nodig om voor te gee dat alles tans goed gaan nie, want dit is redelik duidelik dat dit nie die geval is nie. Daar is enorme uitdagings waarvoor die hele wêreld staan.

Wat jy wel in hierdie tyd kan en moet doen is om jousef in die beste posisie te plaas om terug te bons ná die impak van die virus. Jy kan begin deur te kyk hoe om die bogenoemde drie problemeienskappe in jousef aan te spreek as hulle teenwoordig is.

► Jeanette Clark is 'n vryskutjoernalis.

## KOMMENTAAR

Vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense

Geagte lesers,

hou julle afstand en bly gesond – Red.



# 'Skrif-uitleg nie Skrif-inleg'

**Wanneer ons praat oor die gebruik van die Skrif in ons verstaan en optrede elke dag, gaan dit uiteindelik oor "hermeneutiese sleutels", skryf RUAAN DU PLOOY in 'n nadenke oor hermeneutiek.**

Die begrip hermeneutiek is in die 17de eeu gemunt. Dit kom van die Grieks hermeneuein wat vertaal kan word met "boodskap oordra", "verborge dinge bekend maak" of "kommunikasie" en "interpretasie". Hermeneutiek is die nadenke oor die praktyk van interpretasie. Interpretasie, op sy beurt, beteken om tot begrip te probeer kom van dit wat vir my van belang is en waarde het. Dit wat relevantie het vir my bestaan as mens. Dit wat rigtinggewend is en sin gee aan my bestaan.

In die geskiedenis was hermeneutiek aanvanklik van belang om sin te maak van ons bestaan (sien Martin Heidegger). Vandag word dit van groot belang geag vir wetenskappe soos die regte en teologie wat met tekste werk. Om dié rede is dit vir ons van kritieke belang dat ons hermeneuties met die teks van die Skrif omgaan: In die lig van waarom die teks destyds geskryf is, in die lig van wat die teks vir sy eerste hoorders/lesers beteken het, hoe ons dit vandag lees, wat dit vandag vir ons beteken, wat dit aan ons doen, en hoe dit ons lewe verander en rig, sowel as die eenheid van die testamente, as sleutel van verstaan, moet alles verreken word in die verstaanproses.

Ons verstaan ook dat omdat ons 'n dinamiese geloofsgemeenskap is wat onself telkens in 'n volgende tydvak bevind waarin ons weereens uitgedaag word tot 'n volgende relevante verstaan

van ons geloof, die omskrywing daarvan nie staties is nie. Telkens word ons uitgedaag om die teks binne ons nuwe omstandighede anders te verstaan, ten einde dieselfde te verstaan. Anders gestel: Dinge moet op 'n nuwe wyse gesê en verstaan word, sonder om nuwe dinge te sê en te verstaan (vergelyk Hans-Georg Gadamer). Dit gaan ook nie primêr oor die bedoelinge van die skrywer nie, maar wel oor die waarheid van die bedoelinge.

Vir ons is die Skrif waar en gesagvol omdat die begrip "testimonium spiritus sancti internum" (innerlike getuie van die Heilige Gees) van ons geloofstradisie, 'n baie belangrike rol speel. Teenoor 'n meganiese inspirasieleer, wat suggereer dat die skrywers van die Bybelse geskrifte soos willose marionette was deur wie die Heilige Gees direk gewerk het met die totstandkoming van die Bybel en 'n dualistiese inspirasieleer, wat sê dat slegs sekere gedeeltes van die Skrif as geïnspireerd bely word, glo ons aan 'n sogenaamde biologiese inspirasieleer: dat die aktiewe betrokkenheid van die Gees in die ontstaan van die Bybel plaasgevind het. Skrywers het binne 'n bepaalde historiese konteks, onder spesifieke omstandighede, met behoud van hulle persoonlikheid, met 'n spesifieke gehoor in die oog, meegewerk aan die literêre neerslag van die teks. Skrywers is op grond van hulle belewenis van die Gees van God beweeg ... Of ons die Skrif histories, sakra-

menteel of literêr lees, God is teenwoordig in die totaliteit van ons intellektuele en emosionele funksies. Ons bevind ons natuurlik ook momenteel in 'n eeue-oue interpretasietradisie. Interpretasie bly 'n proses as God se Woord in mensetaal.

## Hermeneutiese sleutels

In die hermeneutiek praat ons van die hermeneutiese sirkel wat erken dat ons van die geheel na die dele en weer van die dele na die geheel werk in die interpretasieproses. Ook verstaan ons nooit van 'n nulpunt af nie; ons verstaan reeds en steeds. Ons is tradisionele wesens: Voor ek aan myself behoort, behoort ek aan 'n tradisie. Die verstaanproses probeer om horisonne te versmelt. Toe en nou en steeds moet die horison van die teks versmelt met die horison van ons hede. Tyd en tradisie moet "oorbrug" word. Dit is 'n moeilike en uitdagende proses.

Ons belydenisskrifte help ons om dit wat ons glo en bely te verwoord. Dit bly ondergeskik aan die Skrif en kan daarom verander.

Die NG Kerk is gegrond op die Bybel as die "heilige en onfeilbare" Woord van God (Kerkorde art. 1; Nederlandse Geloofsbelydenis art 5 en 6) Ons bely dat die belydenisskrifte waar is nie *in soverre* dit met die Skrif ooreenkom nie (quatenis) maar *omdat* dit met die Skrif ooreenkom (quia).

Wanneer ons praat oor die gebruik van die Skrif in ons verstaan en optrede elke dag, gaan dit uiteindelik vir ons oor die hermeneutiese "sleutels" wat ons gebruik om die skopus van Skrifbeginsels en Skrifendsels (vergelyk Hennie Rossouw) in ons tydgleuf te ontsluit.

Hierdie "sleutels" moet in die Slot (Skrif) inpas en draai, oopsluit, ontsluit ... Die sleutels word ontwikkel met die oog op die Slot. Nie andersom nie. Hierdie sleutels is sake soos die liefde, maar ook geregtigheid en genade. Ons gebrokenheid en ons verstaanstradisie. Verdraagsaamheid maar ook die bevindinge van die natuur- en menswetenskap, asook die morele en regsgeïntegreerde in die Skrif.

Die Slot (Skrif) is die "norma normans" of normerende norm en die sleutels is die "norma normata" of genormeerde norm. Die Skrif is rigtinggewend en moet die bepaalde sleutels laat pas volgens die gegewe ontwerp van die Slot.

Die Skrif verklaar sigself en is helder en duidelik, maar daar is ook grys areas.

As ons oor sake praat wat kontroversieel is, kan ons nie met sleutels werk wat die basiese gegewendhede van die Slot (Skrif) ondergeskik stel aan ons sleutels nie. Die Slot kan nie met dwang oopgeforseer word nie ... (Hermeneutiek is Skrifuitleg en nie Skrifinleg nie!)

Ons moet verder daarop bedag wees dat die metode van interpretasie en sleutels wat ons gebruik, konsekwent toegepas word op alle sake wat kontroversieel is (byvoorbeeld die maagdelike geboorte, fisiese opstanding van Christus, eutanase, gendergelykheid en homoseksualiteit).



In Skrifuitleg moet voortdurend in ag geneem word dat ons sleutels beïnvloed word met die deurwerk van die sondige natuur van die mens. Ons sleutels is dikwels vervorm, misvorm en geroes. Die Skrif na sy eie aard, is nie ook 'n kenbron in ons verstaanproses nie, dit is dié enigste kenbron ten opsigte van God se openbaring aan ons en ons verlossing. In ons gebroke toestand is almal gebroke mense en as gebroekenes is ons perspektief op die waarheid ook maar gebroke, ons interpretasie van die Skrif ook maar gebroke en ons verdediging van ons eie standpunte ook maar gebroke.

Ons mag egter nie moedeloos word en in relativisme verval nie. Ons moet bly bid dat die waarheid deur die Gees aan ons geopenbaar sal word. Ons moet waak teen verdagmakery en drukgroepvorming en met die nodige afhankelijkheid en nederigheid lank en stip na God en mekaar bly kyk. Ons moet bly bid vir heelheid in ons gebrokenheid. Bo alles moet ons God as primêre wetgewer en die koördinate van moraliteit en reg en verkeerd, soos in die Skrif gegee, respekteer en handhaaf. Ons kan dit aanvaar of verwerp, maar ons mag dit nie verander nie – ons het nie só 'n voorreg nie.

► Ds Ruan du Plooy is leraar by NG Kerk Postmasburg.







## Roman bekyk Dawid uit ongewone hoek

*Dawid: Man na God se hart*  
deur Cules Hammann  
Uitgewer: Biblaridion, 2019  
Resensent: Elsje Büchner

**D**aar is 1 168 verskillende verwysings na Dawid in die Bybel. Kleintyd word ons groot met die heldeverhaal van Dawid en Goliat. Gelowiges vind verder trooswoorde in vele Psalms wat aan Dawid toegedig word, waarvan Psalm 23 sekerlik die bekendste is. Dawid se donker kante word half versigtig uitgepak.

In hierdie historiese roman word na Dawid en sy lewensgeskiedenis gekyk deur die oë van Abisag, van wie ons in

1 Konings 1:1-3 lees: “Koning Dawid was al baie oud en selfs as hulle hom goed toegemaak het, het hy nie warm geword nie. Sy amptenare sê toe vir hom: ‘Laat hulle vir U Majesteit ’n jongmeisie soek wat u kan bedien en oppas. Sy kan by u slaap, sodat u weer warm kan word.’ Nadat hulle deur die hele gebied van Israel gaan soek het na ’n mooi meisie, het hulle vir Abisag, ’n meisie uit Sunem, gekry en haar na die koning toe gebring.”

Abisag word in terme van haar skoonheid beskryf. Haar taak is om koning Dawid gelukkig te maak. In ’n tyd en land waar geweld teen vroue op die voorgrond is, sou daar meer krities

met Abisag se rol omgegaan kon word. Op een plek is sy in stilte ongemaklik met Dawid se harem. Ongelukkig word sy as kosbare “vrag” beskryf, haar rol om by die koning te slaap en hom só gelukkig te maak.

Wanneer Abisag aan die woord is, is haar taalgebruik amper té romanties, byna poëties. Die leser kan die gevoel kry dat gewone mense nie so praat nie.

Tog word Dawid se veelkleurige lewensgeskiedenis in een boek saamgevat. Die leser kan ’n prentjie vorm van die plekke wat beskryf word.

Soos Dawid se lewensverhaal vorder, tree Abisag met Dawid in gesprek en die geskiedenis ontvou ver-

der. Ander karakters soos Batsaba, Saul en Salomo tree ook tot die gesprek toe. ’n Moderne toerleier in ’n tweede storielyn, vul ander historiese gebeure in.

Temas waarmee die leser in 2020 kan identifiseer is droogte, om te verdwaal, kwaaddoeners, rowers, oorlog, dood en broosheid.

Dawid se veelkantigheid – sy leierskap én swakhede – word in alle eerlikheid blootgelê. Dit is goed om sy lewensgeskiedenis in een hand te kan vashou, al word ’n meer kritiese stem vir Abisag gemis.

► *Dr Elsje Büchner is tentmakerleraer by die NG Kerk Stellenbosch-Noord.*

## Skrywer nooi leser uit tot selfondersoek

*Sexism and sin-talk: Feminist conversations on the human condition*  
deur Rachel S Baard  
Uitgewer: Westminster John Knox Press, 2019  
Resensent: Michelle Boonzaaier

**D**ie Suid-Afrikaanse teoloog Rachel S Baard is dosent by Union Presbyterian Seminary in Richmond, Virginia in die VSA. Haar boek, *Sexism and sin-talk: Feminist conversations on the human condition*, is vanjaar se wenner van die Andrew Murray-Desmond Tutuprys.

Ons praat min daaroor, maar daar bestaan in ons teologiese omgangstaal steeds hiërargieë van menslike liggame en die manier hoe ons praat oor sonde met betrekking tot menslike liggame. Sommige mense of liggame moet daarmee tevrede wees dat hulle met meer sonde gebore is. Dit terwyl ander bevoorreg is om uit die staanspoor met minder sonde gebore te wees.

In haar boek help Baard ons om te verstaan dat die taal wat ons gebruik om oor sonde te praat, vir ons nuwe moontlikhede skep om oor liggame te praat. Wat my opgewonde maak oor Baard se boek, is dat dit kan lei tot nuwe praktyke om met nuwe werklikhede te werk. Ek sien uit daarna om deel te neem aan die lewgewende gesprekke wat Baard se boek in die Suid-Afrikaanse konteks kan ontlok.

Die keuse wat Baard maak om in besonder aandag te skenk aan die verband tussen sondespraak en geslagsgeweld, is veral relevant met die oog op die verband tussen toeneemende geslagsgeweld en die grendelstaat wat deur Covid-19 aan ons almal opgelê is.

Baard nooi lesers uit om selfondersoek te doen “oor die wyses waarop ons teologiese taal bydra tot geslagsgeweld”. Sy daag ons veral uit om “die idee van onderdanigheid van die vrou” wat lei tot ’n “kultuur van magsbeheer waarin geslagsgeweld genormaliseer word”, met groter erns te ondersoek.

Eva en Maria dien as prototipes vir die manier hoe daar deur die eeue oor vroue se liggame en gedrag gepraat word om sin te maak uit sonde. Vroue se liggame is histories, selfs teologies, misbruik in hierdie verband. Vroue is of soos Maria self-opofferend en nederig; of soos Eva, die verleidster en oorsprong van sonde. Sommige feministe beweer dat wanneer vroue buite hierdie prototipes beweeg, is geweld histories geoorloof. Baard bied vir ons taal om oor sonde na te dink buite hierdie prototipes en nuwe moontlikhede om teologies te praat oor sonde en sodoende geweld teen vroue aan te spreek.

► *Ds Michelle Boonzaaier is ’n programbestuurder by IAM en predikant in Brackenfell.*

## Job kan help met woordeskat bou vir geloofsworsteling

*Met my hand op my hart*  
deur Cas Vos  
Uitgewer: Cordis Trust Publikasies, 2019  
Resensent: Juanita Greyvenstein

**D**ie boek Job is ’n literêre en teologiese skatkis wat die diepste van die mens se eksistensiële vrae aanspreek: Waar is God wanneer die regverdige ly? Baie min gelowiges beskik egter oor die vaardighede om hierdie Hebreeuse poësie te ontgin. ’n In-diepte verstaan van die konteks van die skrywer, verskillende teologiese strominge in die Ou Testament, sowel as ’n besondere vaardigheid in die vertaling van Hebreeuse poësie is nodig om iets van hierdie glans te kan raaksien.

Cas Vos slaag uitstekend daarin om die boek en die persoon van Job lewend te laat word. *Met my hart op my hand* is veelkantig, bestaande uit verskillende artikels wat populêre lesers inlei in die Wysheidsliteratuur. Dit sluit ook ’n perikoop-vir-perikoop kommentaar en ’n aantal verskillende hermeneutiese lense in, wat die besondere aktualiteit van hierdie boek in die 21ste eeu belig.

Terwyl die wêreld gebuk gaan onder die Covid-19-pandemie, is

hierdie boek ’n waardevolle gespreksgeenoot wat gelowiges kan begelei om met meer nuanse en groter beskeidenheid te praat oor die teenwoordigheid en die werk van God. Job se eerlike, rou woorde – wat hom teen alle vorme van kompromie en tweedehandse troos verset – is ’n felle aanklag teen God. Hierdeur skep Job egter ’n spasie waarin moderne gelowiges ’n woordeskat vir geloofsworsteling kan ontwikkel.

Terwyl Vos die afstand tussen ons as moderne lesers en hierdie antieke literêre werk duidelik verantwoord, beskik hy oor die poëtiese vermoë om hierdie wêreld ook in mekaar te laat vloei. Die laaste gedeelte van *Met my hand op my hart* is ’n versameling van gedigte – “fluisterings in God se oor” – wat ’n poëtiese vertaling van gedeeltes uit Job is. Dalk is die klag “In donker gehul” ook ’n sug wat ons vandag kan bid:

*God is vir Job in donker gehul,  
soos wortels wat in stilte drink.*

*Vriende se monde is met woorde gevul  
wat die lig in en om hom verdig.*

*Uit sy verskeurde hart kom ’n moeë sug,  
as God hom tog net nader wink.*

► *Ds Juanita Greyvenstein is predikant by Maitland Gemeenskapskerk en VGK Maitland.*

## VERSTAAN die Bybel

### ‘Wat moet ons doen?’

MARIUS NEL

In haar onlangse studie, *The path to salvation in Luke's Gospel*, waarin sy Lukas se verlossingsleer opnuut bestudeer, wys Mija Wi daarop dat ons versigtig moet wees om geloof bloot tot 'n innerlike oortuiging te vervlak.

In Lukas se vertelling van Johannes die Doper en Jesus se verkondiging van God se komende koninkryk ontlok dit telkens die vraag “wat moet ons doen?” by diegene wat daardeur aangeraak word. So vra die skare, tollenaars en selfs soldate opeenvolgend dié vraag aan Johannes die Doper in reaksie op sy prediking (Luk 3:10, 12 en 14).

Vir elkeen spel Johannes dan uit wat

hulle moet doen – deel kos en besittings, moenie te veel belasting invorder, mense afpers, vals aankla of selfs kla oor lone nie (Luk 3:11, 13 en 14). 'n Wetsgeleerde (Luk 10:25) en maghebber (Luk 18:18) vra weer aan Jesus wat hulle moet doen om die ewige lewe te beërf. Vir beide verwys Jesus na die vereistes van die Wet (Luk 10:26; 18:20), nie omdat dit die gronde vir hulle verlossing is nie (Luk 18:24-25), maar omdat geloof natuurlikerwys 'n lewe in ooreenstemming met God se wil veronderstel.

Jesus vertel ook in Lukas twee geïllustreerde voorbeelde waarin karakters hulleself afvra wat hulle moet doen – die ryk man

met sy oorvloed (Luk 12:17) en 'n oneerlike bestuurder wat ontslag in die gesig staar (Luk 16:3). Beide reageer met doelgerigte ekonomiese handeling. Die ryk man gaar op en word 'n dwaas genoem (Luk 12:18-21), terwyl die oneerlike bestuurder geprys word vir sy verstandige optrede deurdat hy sy eienaar se skuldenaars se skuld verlig het (Luk 16:5-8). In beide gevalle is die hantering van welvaart deurslaggewend in hoe hulle gedrag beoordeel word (Luk 12:33; 16:9).

Dit klop met Lukas se klem in sy Evangelie dat God se genade gelowiges onder die verpligting plaas om genade

aan ander te betoon (Luk 6:36). Geloof is vir hom nie net die dankbare ontvangs van God se genade nie. Dit is ook die daadwerklike uitleef daarvan. Dit is ook nie net 'n innerlike oortuiging nie. Dit vra om konkrete optrede in die alledaagse sosio-ekonomiese wêreld wat ander se nood verlig. Geloof is ook nie net 'n persoonlike saak nie. Dit vra om die deurgang van God se genade aan ander deurdat ons hulle nood verlig. Gelowiges moet naamlik eerder bekend wees vir hulle gee van aalmoese as vir boosheid en inhaligheid (Luk 11:39-41).

► Prof Marius Nel doseer *Nuwe Testament aan die Universiteit Stellenbosch*.

## TERUG NA DIE TOEKOMS

### Dit is tyd vir visvanglesse

JOHAN VAN DER MERWE

Lang rye mense wat sit of staan en wag vir kos het 'n algemene gesig in Suid-Afrika geword. Dit maak selfs internasionaal opslae. Oral is daar honger mense as gevolg van die Covid-19-pandemie wat duisende mense afhanklik gelaat het van kos wat daagliks uitgedeel word. Almal wat kan help, help. Baie gemeentes van die NG Kerk is nie 'n uitsondering op hierdie reël nie en is nou meer as ooit vantevore betrokke by kosverskaffingsprojekte. “Niemand op hierdie dorp mag honger gaan slaap nie,” sê 'n jong NG dominee op 'n plattelandse dorp onlangs. Alhoewel al hierdie pogings lofwaardig is, is die vraag: “Hoe lank gaan daarmee vol-

gehou kan word?”

'n Bekende spreuk help ons met 'n antwoord: “Gee 'n man 'n vis en jy help hom vir 'n dag. Leer hom visvang en jy help hom vir 'n leeftyd.” Die rol wat die NG Kerk in die geskiedenis in die stryd teen armoede gespeel het, onderstreep die belangrikheid van hierdie spreuk. Tydens die Algemene Sinode van 1994 het selfs mnr Nelson Mandela na die onmisbare rol van die kerk tydens die sogenaamde Armblankevraagstuk in die dertigerjare van die vorige eeu verwys.

'n Voorbeeld van wat gemeentes in die verlede gedoen het, word beskryf in die herinneringe van prof EP Groenewald wat sy bediening as gemeente-

predikant in Oktober 1932 in Bethulie in die Vrystaat begin het. Groenewald vertel hoe meer as 70% van die dorp se inwoners met sy aankoms sonder werk was. Die droogte van 1933 het sake vererger. Met finansiële hulp van die regering het die gemeente met drie aksies begin om die mense aan die werk te kry. 'n Gruisgroef is gegrawe, die pad na Bethulie is herstel en geteer, en die dorpsdam is vergroot. Almal wat help werk het, is Vrydae vir hulle werk by die kerkgebou betaal. Met toenemende aankope by die plaaslike handelaars het die ekonomie op die dorp ook lewe gekry. So is inwoners van die dorp geleer om nie net te sit en wag vir die spreekwoordelike

vis nie, maar om self vis te vang!

Daar is talle ander merkwaardige voorbeelde. Die bou van die Hartbeespoortdam (1923) naby Pretoria en die Loskopdam (1938) naby Groblersdal en die meegaande besproeiingskemas is lewende monumente wat deur armes opgerig is wat vandag nog tot voordeel van plaaslike gemeenskappe dien.

Die grootste uitdaging van die Covid-19-pandemie en gepaardgaande armoede kom nog. Dit gaan ongetwyfeld wees om arm en honger mense eerder te leer “visvang”. Dit is tyd vir visvanglesse!  
► Prof Johan van der Merwe doseer *kerkgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria*.

## GESTUUR

LOURENS BOSMAN

Krisisse bring 'n mens by 'n kruispad: Van hier loop die een pad na gevaar en die ander na geleentheid. Die internasionale krisis rondom Covid-19 bring die gevare en geleentheid vir die kerk duidelik na vore en gemeentelidmaats moet daarvan kennis neem. Dit het veral te doen met dinge wat gelowiges motiveer en tot aksie laat oorgaan.

Die heel sterkste motivering vir gelowiges (en waarskynlik alle mense met 'n hart) is meegevoel en medelye. Kenneth Callahan het jare gelede al 'n lysie van motiveerders in dalende volgorde van effektiwiteit saamgestel. Die klomp C's in Engels help 'n mens om dit te onthou: Compassion, Community, Hope, Challenge, Comprehension,

Commitment.

Gemeentes wat in hierdie tyd sigbaar by nood betrokke raak, vind dat hulle eintlik te veel kos, klere en ander hulp kry. Gemeentes wat dit nie doen nie, sal vind dat lidmate op ander plekke en by ander instansies se medelyeprojekte betrokke raak. Sommige van daardie lidmate sal in die proses ook 'n nuwe geestelike tuiste vind.

Dieselfde Kenneth Callahan het ook uitgewys: “Money follows mission.” Mense gee geld aan gemeentes met 'n missie, gemeentes wat na buite 'n verskil maak. Ons weet dit ook uit jarelange navorsing in die NG Kerk: Gemeentes met 'n duidelik missionale roeping én wat dit uitleef, vaar finansiël beter. Daarteenoor, gemeen-

tes wat in hierdie tyd net op hulle eie oorlewing ingestel is, gaan waarskynlik vind dat dit toenemend moeiliker raak om fondse te genereer. Om bloot aanspraak te maak op lojaliteit en verbintenis aan die gemeente (commitment) is net nie 'n sterk genoeg motiveerder nie.

Derdens, lidmate wat die geleentheid het om hulle gawes as deel van die gemeente se werksaamhede te gebruik, is meer lojaal, gee groter bydraes, woon eredienste meer gereed by en is meer geneig om positief oor hulle gemeente te praat. Dominees maak dikwels die fout om te dink: “As ek preek dat elke gelowige 'n sendeling is en dat ons ons roeping in ons gewone lewe moet uitleef, is dit genoeg.”

Dit is belangrik, maar dit is nie genoeg nie. Mense wil 'n verskil maak en wil hulle gawes op so 'n manier gebruik dat hulle ervaar dit is deel van die roeping van die gemeente. Verder, in krisistye wil jy nie eers 'n “Ontdek jou gawes”-kursus doen nie, mense wil net op een of ander manier deel wees van die oplossing. As mense nie die geleentheid in hulle eie gemeente kry nie, gaan vind hulle dit op ander plekke.

Hierdie is dinge oor gelowiges en kerkwees waarvoor ons lankal nie meer onseker is of oor wonder nie. Die huidige krisis skep geleentheid vir gemeentes en wyse leiers sal dit aangryp.

► Dr Lourens Bosman is die algemene bestuurder in die kantoor van die Algemene Sinode.



# 70 VRAE oor Evolusie deur CHRISTENE

Aanlyn verkrygbaar by **NALEDI UITGEWERS**  
[www.naledi.online/](http://www.naledi.online/)



Slegs **R170**

Dit is ook op die verspreidingslys van **CUM-Boekhandel**, en kan ook deur enige boekwinkel by Naledi bestel word.

**Kontak**  
**Albert Alberts by**  
[alberts.sn@gmail.com](mailto:alberts.sn@gmail.com)  
 (alle kommentaar baie welkom)

Evolusie is 'n groot vraagstuk vir Christene omdat dit 'n nuwe verhaal van die skepping aanbied wat anders as die Bybelse verhaal is.

Darwin se idee dat die sterkste organismes oorleef en so nuwe spesies vorm skakel oënskynlik die rol van God in die skeep van nuwe spesies uit.

Mense wat afstam uit "aap" voorouers druis in teen die gedagte dat ons na die beeld van God geskape is. Die sondeval van Adam en Eva is in gedrang.

Die term darwinisme skeep 'n gedagte van ateïsme en godloosheid.

70 vrae stel die ondersoekende Christen in staat om die wonder van ons skepping deur evolusie beter te begryp en dat dit nie 'n godlose filosofie is wat probeer om die almagtige werking van God in die natuur uit te sluit nie.

In 70 vrae word die wetenskap van evolusie aanvaar soos dit op daardie stadium ontwikkel het en die Skrifinterpretasie bly getrou aan die verlossingsboodskap.

Met die lees van die boekie sal die toegewyde Christen sy of haar hande kan ophef en God prys vir die kunstige manier waarop Hy die mens, die kroon van sy Skepping, geweeft het.

'n Hulpmiddel om die Bybel in moderne tye krities tóg gelowig te lees met vastrapplekke om opnuut God se stem uit die Bybel te hoor.

Volg ons by : @LuxVerbiBoeke @luxverbi | [www.luxverbi.co.za](http://www.luxverbi.co.za)

WATERKLOOF MARINA  
 AFTREELANDGOED • RETIREMENT ESTATE

# WATERFRONT AFTREDE

KOM KYK NOU NA ONS VOLTOOIDE WÊRELDKLAS MEDIESE EN LEEFSTYLSENTRUM

OKKUPASIE VANAF  
**MAART 2020**

NOU MET  
 DEMENSIE-  
 VERSORGING

LUKSE WOONSTEL-EN HUISEENHEDE

**TE KOOP**

**TE HUUR**

Gebruik hierdie **finale geleentheid** om een van die **laaste eenhede** naby die waterfront en leefstylsentrum te koop vir eie gebruik of verhuur jou eenheid intussen vir 'n uitstekende opbrengs op jou belegging.

GEEN OORDRAGKOSTE  
 VERBANDE BESKIKBAAR AAN BANKGOEDGEKEURDE KOPERS

Hoewel dit **beter is om 'n eiendom self te besit**, gee ons huuropsie jou dieselfde toegang tot hierdie luukse aftreeliefstyl. Dit is ook 'n gerieflike toesluit-en-gaan-opsie en is naby al die fasiliteite geleë.

woonstelle vanaf slegs **R7 950 pm**

DAAGLIKS OP SKOU  
**09H00 - 18H00**

SKAKEL ONS NOU  
**0861 36 46 16**

**retirenow.co.za**

TROTS



**DURBANVILLE-KINDERHUIS**

Durbanville-kinderhuis, 'n program van BADISA het poste vir gekwalifiseerde kinder- en jeugsorgwerkers

**Vakature: Gekwalifiseerde kinderversorgers x 7**

Hierdie is 'n deurlopende advertensie

**Kwalifikasies en vereistes:**

- VOO (FET) Sertifikaat in Kinder- en Jeugsorgwerk (CYCW).
- Vlot in beide Engels en Afrikaans.
- Deeglike begrip en sensitiviteit vir getraumatiseerde kinders van alle ouderdomme en beide geslagte.
- Bestuurslisensie met PDP (verkieklik).

**Pligte:**

- Versorging van kinders in kinderkuis en bereidheid om skofte te werk.

**Vergoeding en voordele:**

- Byvoordele: Bonus, verlof, medies, pensioen en oorslaapgeriewe.

**Aansoek:** CV stuur na rachellekirsten6002@gmail.com – ook afgetrede kinder- en jeugsorgwerkers kan aansoek doen om in te staan wanneer nodig.

**Diensaanvaarding:** So gou moontlik.

**Navrae:** rachellekirsten6002@gmail.com

*Die Durbanville-kinderhuis behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie. Aansoekers wat nie enige reaksie ontvang binne 'n maand nie, kan aanvaar dat hulle aansoek onsuksesvol was.*

**AMPTELIKE NUUS UIT DIE NG KERK-FAMILIE**

**Stuur Amptelike Nuus na Lida Viljoen by lida@tydskrifte.co.za**

**HOËVELD BEVESTIGING**

Prop Frederik Coetzee het die beroep na Secunda-Oos aanvaar en het vanaf 1 Mei in diens getree. (Marietjie Claassen, Skriba, 29.04.2020).

**EMERITAAT**

NG Kerk Alberton-Wes bevestig hiermee die emeritering van dr J Fourie op 31 Mei 2020 (Deona Bernard, Saakgelastigde, 30.04.2020).

**OOSTELIKE SINODE****EMERITAAT**

Ds Benjamin Daniel Blom van Belfast gemeente ontvang sy

emeritaat op 26 April 2020 (Sondag was ook sy verjaardag). (Ds Rika van Vuren, Skriba, 23.04.2020).

Ds Louis Fourie van Marble Hall ontvang demissie op 26 April 2020 weens artikel 17 (Finansiële onvermoë van die gemeente). (Ds Rika van Vuren, Skriba, 23.04.2020).

**Umhlanga gemeente gaan deur 'n seisoen van verandering.**

Sedert ons vorige advertensie in Oktober 2019, het ons senior leraar na bykans 24 jaar diens sy emeritaat ontvang en vroeër vanjaar het ons junior leraar onverwags bedank nadat haar man 'n werkseleentheid in die buiteland aanvaar het en hulle dus emigreer.

**Genoemde gebeure plaas ons gemeente in totaal nuwe omstandighede.**

Met nadere ondersoek, nadenke en baie gebed, het die gemeenteraad besluit om die twee voltydse poste te konsolideer in 'n enkele pos en stel ons dus die volgende pos vir 'n voltydse leraar bekend.

**Vakature: Voltydse leraar**

Die NG gemeente Umhlanga se visie is om in Jesus se voetspore te volg. Dit beteken ons is 'n liefdesgemeenskap, 'n geloofsgemeenskap en 'n verkondigingsgemeenskap. Ons het God en ons naaste en die wêreld lief en ons glo in Jesus en in die almag van God. Ons verkondig Jesus se liefde en genade aan die wêreld. Ons waardes word bepaal deur die riglyn wat Jesus in Matteus 22 saamvat wanneer Hy leer dat ons God bo alles moet liefhê en ons naaste soos onself. Dit is ons droom dat elke lidmaat die vrug van die Gees sal dra soos dit in Galasiërs 5:22 beskryf word.

**Gemeenteprofiel:**

- NG Umhlanga lê in die hart van Umhlanga. Umhlanga is 'n multikulturele en sterk diverse omgewing. Die gemeente is 'n dinamiese, vloeiende en voorstedelike gemeente, geleë in 'n omgewing van (oorwegend) Engelssprekende kerke aan die noordelike kus van Durban met ongeveer 490 belydende en 159 dooplidmate.
- Die gemeente word tans deur een leraar bedien in 'n 25%-pos.
- 'n Derde van die lidmate is ouer as 60 jaar en het 'n behoefte aan meer tradisionele eredienste, terwyl die jonger lidmate streef na vernouing, terwyl hulle steeds met die suiwer Skrif in hulle moedertaal bedien wil word.
- Ons orkes is bekend vir hulle musiek en in ons voorsang en erediens, sing ons Afrikaanse sowel as Engelse liedjies uit verskeie bundels. Ons orrel word ook van tyd tot tyd ingespan.
- Daar is verskeie uitstekende hoër- en laerskole in die omgewing.

**Leraarsprofiel:**

Die gelegitimeerde predikant wat die Here in hierdie gemeente kom dien, het verkieslik tussen 12 en 15 jaar ondervinding en sal verantwoordelikheid neem vir:

- Die ontwikkeling en implementering van 'n strategie wat meelewing, groei en betrokkenheid by die gemeente bevorder en uitbou.
- Die ontwikkeling en implementering van jeugbedieningstrategieë met die doel om groei en ontwikkeling onder die jeug te bevorder.
- Bou op die kommunikasie-middele en bedieningskanale alreeds in plek, deur die gebruik van multimedia en ander sosiale platforms om die prediking en gemeente-aktiwiteite te ondersteun en te bevorder.
- Kontak met lidmate in verskillende lewensfasies en omstandighede besef en bereid is om met passie daaraan uitvoering te gee.
- As sterk kommunikeerder dinamiese prediking en Woorduitlegging sal toepas vir die omstandighede van die dag.
- As instrument in die hand van die Here in spanverband sal werk om God se doel vir hierdie gemeente te help uitvoer.

**Vergoeding:**

'n Vergoedingspakket binne die raamwerk van die sinodale skaal word aangebied. Die volledige vergoedingspakket, wat 'n behuisingssubsidie insluit, sal met die suksesvolle kandidaat onderhandel word.

**Aansoek:**

Belangstellende leraars van die NG Kerk word uitgenooi om 'n volledige CV met persoonlike besonderhede, asook die name en kontakbesonderhede van drie referente te stuur aan: Die Voorsitter van die Gemeenteraad: Ettienne Thiebaut by: kantoor@ngumhlanga.co.za

- 'n Aanvullende motivering moet die aansoek vergesel waarin aangedui word hoe die kandidaat met sy/haar besondere talente kan bydra tot die vernouing en groei van die gemeente.
- Kandidate wat oorweeg word, kan genooi word vir 'n onderhoud en om moontlik 'n erediens binne die gemeente te lei.
- 'n Onlangse foto van die aansoeker en sy/haar gesin is opsioneel, maar sal waardeer word.
- Die Pre-advieskommissie behou die reg voor om self ook inligting aangaande die aansoeker in te win.

**Sluitingsdatum: 31 Mei 2020.**

**Diensaanvaarding:** 1 Augustus 2020 of so spoedig moontlik daarna.

**Navrae:**

- Die Voorsitter van die Gemeenteraad: Ettienne Thiebaut by: kantoor@ngumhlanga.co.za of sel: 083 631 1647.
- Ds Nico Jv Rensburg: jansevanrensburgnico297@gmail.com of sel: 082 927 5742.

*Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.*

**Die volgende uitgawe van Kerkbode, verskyn op 29 Mei.****HOOF-UITVOERENDE BEAMPTTE**

WELLINGTON

Bybel-Media is 'n Christelike mediabediening sonder winsoogmerk wat materiaal vir geloofsontwikkeling en -ondersteuning verskaf en versprei. Die maatskappy fokus op drie gebiede: publikasies, bediening en ondersteuningsdienste.

Bybel-Media is tans besig met die digitale transformasie van sy media-uitsette. Ons ontwikkel 'n geïntegreerde, veelkantige digitale platform. Die platform sal aan die behoeftes van 'n breë Christelike mark voldoen deur middel van gepaste inhoud en produkte om geestelike beleving en Christelike transformasie en dissipelskap te bevorder. Hierdie sakemodel behels 'n soepel en buigsame ("agile") benadering.

**Die suksesvolle aansoeker sal aan die direksie rapporteer.**

**Verantwoordelikhede sluit in:** strategiese leierskap en bestuur • oorhoofse bedryfsbestuur van Bybel-Media se dienste en werksaamhede • bestuur van digitale platforms (ontwikkeling, sekuriteit, data-analise), korporatiewe bestuur en voldoening aan wetlike vereistes • inhoudskepping • finansiële bestuur • verkope en bemerking • fondswerwing • uitbou van nasionale en internasionale verhoudings • logistieke bestuur • personeelbestuur • navorsing en ontwikkeling.

**Vereistes:** toepaslike naskoolse kwalifikasie • bewese leierskaps- en bestuursvaardighede • die vermoë om verandering te bestuur • strategiese insig in en begrip van die kerklike en Christelike omgewing • toegang tot 'n wye netwerk van strategiese vennote, insluitende kerklike en Christelike instellings • kundigheid rakende funksionering en gebruik van digitale platforms soos toegepas in 'n media-omgewing • goeie operasionele begrip van IT en/of webwerfontwerp, -ontwikkeling en -programmering • Gereformeerde teologiese posisionering (begrip, verdraagsaamheid en insluiting van uiteenlopende standpunte en kerkgroepe) • uitstekende interpersoonlike en kommunikasievaardighede (geskrewe en gesproke) in Afrikaans en Engels • sterk sakesin • ervare onderhandelaar met bewese bemerkings- en/of fondswerwingservaring en ooredingsvermoë • etiese en waardegedrewe lewensbeskouing en handhawing van Christelike waardes.

• Om aansoek te doen, registreer asseblief u aansoek by <https://www.dittojobs.com/jobs/view/3817878424>



## ALGEMEEN

**WATERWYS:** Wetenskaplike. Jare ondervinding in VIER Afrikalande. Johan Barnard (Pr Ing) 082 967 4627.

## AKKOMMODASIE

**BLOEMFONTEIN  
B@HOME**

Emil en Sandra. Vriendelik, rustig en veilig. Netjiese selfsorgeenhede met tuin en braai. Naby MediClinic, Mall, skole en universiteit.

**Enkel: R350, dubbel: R470.**  
**Groter eenheid: Spesiale tarief.**  
**Skakel 051 444 0204 of**  
**083 235 3000.**

**BLOEMFONTEIN**

Oornagverblyf. DStv, lugreëling, badkamer. Veilige parking. Naby N1, skougronde, hospitale en inkoopiesentrums. Vanaf: R250.  
**Skakel Hanlie, 084 400 2693.**  
**hanlidevilliers@webmail.co.za**

**VAKANSIE-  
AKKOMMODASIE**

**BOGGOMSBAAI:** Gerieflike vakansiehuis (slaap 6) te huur, enige tyd deur die jaar. Binne loopafstand van die see met pragtige strand. Volledig toegerus. Bel of stuur WhatsApp na 083 557 2131.

**VAKANSIE-  
AKKOMMODASIE**

**HERMANUS:** Ruim, bekostigbare selfsorg gesinswoonstel aan privaat woonhuis naby die see. Veilige parking. Vanaf R600pn. [jdb@hermanus.co.za](mailto:jdb@hermanus.co.za) of 082 929 6350.

**JEFFREYSBAAI:** SANDKASTEEL. 2 slaapkamer (slaap 6) wooneenhede volledig toegerus. Sentraal by die see. Tel: 042 293 1585.

**KLEINMOND:** Seefrontvakansiehuse, woonstelle en kothuse te huur. Besoek ons webtuiste: [www.kleinmondprop.co.za](http://www.kleinmondprop.co.za). Skakel ons. Tel: 028 271 3047, sel: 083 700 4962.

**REEBOK/TERGNIET  
(MOSSELBAAI)**

**2 slaapkamerwoonstel (slaap 4) aan huis. Volledig toegerus. Baie netjies. Private tuin, onderdakbraaieriewe. Dwars deur die jaar beskikbaar. Geen troeteldiere. Skakel 083 651 4517.**

**UVONGO:** Selfsorgwoonstel. Pragtige see-uitsig. Loopafstand vanaf see. Vanaf R480 p/d per eenheid, buiteseisoen. 084 547 8522 of 039 315 5779. Webblad: [www.grietseplek.com](http://www.grietseplek.com)

**Om kleinadvertensies te plaas,**  
**kontak Lida Viljoen:**

**Tel: 021 864 8202**

**E-pos: [lida@tydskrifte.co.za](mailto:lida@tydskrifte.co.za)**



**Trinity Uniting Church in the City of Perth verwelkom graag alle Afrikaanssprekendes in die middestad!**

*Die Afrikaanse Gemeente van die Uniting Church in the City of Perth, is geleë in die hart van Perth se middestad.*

Die Afrikaanse Gemeente het ten doel om alle Afrikaanse emigrante en migrante te help integreer in 'n multikulturele Australiese samelewing. Ons wil vir almal 'n geestelike tuiste en 'n familie gevoel skep, waar nuwe mense ontmoet kan word. Ons wil ook met die evangelie 'n verskil hier in die vreemde maak. Ons werk daarom nou saam met die Engelse gemeentes van die Uniting Church in the City, asook ander kerklike denominasies.

Ons kom weekliks byeen vir eredienste. Die laaste Sondag van die maand kom ons om 08:30 by Trinity Uniting Church byeen, vir 'n meer klassieke erediens. Die ander drie Sondae kom ons om 18:00 by Ross Memorial Uniting Church byeen, vir 'n meer kontemporêre erediens. Die eerste en derde Sondag van die maand het ons 'n groep, **Awaken**, wat om 18:00 by Trinity byeenkom. **Awaken** is gerig op studente en jongwerkendes. Alle preke by al drie eredienste is eietyd en sterk Woord-gerig.

Ons wil alle voornemende migrante en emigrante uit Suid-Afrika met ope arms ontvang. Kom raak deel van ons gemeente en ontmoet ander Afrikaners, Aussies en mense van ander kulture uit ander lande van die wêreld.

Predikante: **Ds Hannes Halgryn** en **Dr Herman Nienaber**  
Facebook: **Kerk in die Stad.**  
Webblad: [www.perthunitingchurch.com.au](http://www.perthunitingchurch.com.au)  
E-pos: [hannesh@ucic.org.au](mailto:hannesh@ucic.org.au) en [hermann@ucic.org.au](mailto:hermann@ucic.org.au)




**Besoek gerus [kerkbode.co.za](http://kerkbode.co.za)  
vir die jongste nuus.**

# Luister nou na Radio Kaapse Kansel

## 729 AM

**Jou Christelike gesels-radlostasie  
in die Wes-Kaap**



**Dit is AM nie FM nie. Luister enige tyd, enige plek, van die Kaap tot in Hong Kong via ons slimfoon toepassing.**

Adverteer jou besigheid op radio  
kontak vir, Kosie Burger  
[kosie@kaapsekansel.co.za](mailto:kosie@kaapsekansel.co.za)

**Vir meer inligting:**  
**021 817 7000**  
[www.kaapsekansel.co.za](http://www.kaapsekansel.co.za)  
[info@kaapsekansel.co.za](mailto:info@kaapsekansel.co.za)



# Dana bly tuis

Dana Snyman  
Foto: Adrian de Kock



## Nutsman sonder nut, kerk sonder mure

Sedert die begin van die inperkings ry ek elke oggend Saldanha toe om die koerant by die OK Foods te gaan koop. Party oggende luister ek na 'n opname van die Onse Vader wat Engelette Kruger, 'n orrelis van Pretoria, vir my op WhatsApp aangestuur het.

Baie oggende wag John Mgaga vir my by die OK Foods, met 'n verfroller, of 'n saag, of iets uit sy gereedskapkis wat hy wil verkoop.

John Mgaga is 'n nutsman vir wie daar nie meer nut is nie – veral nie nou dat die land tot stilstand gekom het nie. John het reeds sy hamer en twee van sy skroewedraaiers verkoop om geld vir kos te kry. Ek gee maar altyd die goed weer terug wat ek by hom koop.

'n Ander ou wou 'n vinknes aan my verkoop. Ook op Saldanha. Die ou se naam is Michael Jantjes. Hy het die vorige aand in 'n sloot voor die polisie-kantoor op Vredenburg geslaap, het hy vertel. Die vinknes het hy glo op Dwarskersbos uit 'n boom gehaal. Hy kom eintlik van Namibië af. Hy wou kom

werk soek op die Weskus se bote, maar nou het die koronavirus hom hier vasgekeer.

As jy die vinknes by jou huis ophang, het hierdie Michael Jantjes verduidelik, sal daar gou vinke intrek wat soggens mooi liedjies vir jou sal sing.

Ek het die vinknes vir 'n paar rand by hom gekoop, en dit toe weer vir hom teruggee.

Ek voel al hoe meer soos daardie oom op die basaarveiling wat 'n biltongsnier of 'n handgevegte sweep koop, dan gee hy dit terug om weer opgeveel te word.

Ek het 'n foto van Michael Jantjes geneem. Op die foto staan hy op die sypaadjie oorkant Sharky's, met die vinknes in sy hand. Sharky's is nou al vir weke toe omdat die regering besluit het niemand mag warm kos verkoop nie – een van die baie dinge in die wêreld wat 'n mens nie op die oomblik kan verstaan nie.

Van John Mgaga neem ek ook omtrent elke dag 'n foto waar hy in die

straat voor OK Foods staan, met die verfroller of watter gereedskapstuk hy ook al die bepaalde dag wil verkoop, in sy hand. John Mgaga word al maerder, maar dalk verbeel ek my net.

Ek neem die foto's omdat ek bang is mense sal my eendag nie wil glo as ek hulle vertel hoe vreemd die koronavirus alles kom maak het nie.

Daar gebruik ek weer daardie woord: Vreemd. Ek gebruik dit te veel. Telkens betrap ek myself dat ek vir iemand iets sê of skryf soos: "Ek hoop jy is oraait in hierdie vreemde tyd." Of: "Alles voel vreemd. 'n Mens weet nie mooi wat gaan gebeur nie."

Dit is asof die woord "vreemd" knaend moet instaan om uitdrukking te gee aan die gevoel van verwildering wat ek tans beleef. Ek vermoed ander mense het dieselfde gevoelens. Dit is asof ons almal 'n bietjie vinniger in die winkels stap, een-een, terwyl ons oë mekaar bokant ons maskers vermy.

Ek het ook 'n foto geneem van die kanton met tien pakkies Peter Stuyvesant

in wat ek en my vriendin Saterdag met swetende handpalms vir R650 by 'n spesifieke iemand in 'n spesifieke straat in 'n spesifieke woonbuurt aan die Weskus gaan koop het. Ek wonder of dit sonde is?

Nie ek of my vriendin rook nie. Ons het die Peter Stuyvesants gekoop vir haar 85-jarige ma en 86-jarige pa. Beide rook al hulle lewe lank en het die simptome van nikotienonttrekking begin toon. Angstigheid. Humeurigheid. Slaaploosheid.

'n Man van wie ek dit nooit verwag het nie, het Maandag vir my 'n WhatsApp gestuur en gevra of ek weet waar hy mampoer kan kry. Sy wyn is op en hy het gehoor iemand op ons dorp het 'n ketel gebou en begin mampoer stook.

Iemand op ons dorp het inderdaad begin mampoer stook en ek kon die man help om 'n klein botteltjie mampoer in die hande te kry. Iemand anders maak weer pynappelbier.

In die laaste ruk het ek myself knaend daaraan herinner dat Jesus se eerste wonderwerk was om op die bruilof in Kana water in wyn te verander. Dalk het Jesus dit gedoen om te verhinder dat van die bruilofgangers vinnig wyn by daardie jare se weergawe van 'n smokkelkroeg gaan koop. Ek kry deesdae al sulke vreemde gedagtes.

Dit kan nie maklik wees om nou 'n predikant te wees nie, met die kerke wat gesluit moet bly.

Ek glo nie ek het al ooit na die Onse Vader buite 'n kerkgebou geluister nie. Nou ry ek baie oggende deur Saldanha se vreemde strate en luister hoe Engelette die Onse Vader in die NG Elarduspark in Pretoria speel. Ek kyk na John Mgaga en Michael Jantjes met sy vinknes op die sypaadjie, en na die rye mense by die kliniek agter Spar, terwyl daardie magtige klanke in my bakkie weerklink, en dan voel dit vir my of die hele wêreld skielik 'n kerk is, en dis mooi en goed so.



"Ek neem die foto's omdat ek bang is mense sal my eendag nie wil glo as ek hulle vertel hoe vreemd die koronavirus alles kom maak het nie."  
– Dana Snyman



Ons bestuur jou geld met meer as 150 jaar se gesamentlike kundigheid, ervaring en vaardigheid.  
Presies soos ons eie.

www.krugerinternasionaal.co.za 011 726 7700 admin@krugerinternasionaal.co.za

PRETORIA | MOSSELBAAI | JOHANNESBURG | SOMERSET-WES | PORT ELIZABETH | GEORGE